

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

9 Oktober 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nummer 6

Twee sterf in 'n week

JACOBIE M HELENA

Die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika het binne 'n week twee geliefde predikante aan Covid-19 afgestaan. Dr Nico Kritzinger (63) (regs), mediese dokter en tentmakerpredikant van NG gemeente Klerksdorp-Oos, is na 'n maand in die hoësoorgeenheid van Milpark-hospitaal in Johannesburg oorlede. Hy is reeds op 22 Julie positief vir Covid-19 getoets en op 26 September aan 'n weerstandige infeksie oorlede. Ds Donovan (Donnie) Koordom (regs), van VGKSA Klaver in die Wes-Kaap is op 19 September na 'n kort siekbed



aan Covid-19 oorlede. Kritzinger se kollega by Klerksdorp-Oos, ds Adri la Grange, vertel dat hy 'n baie geliefde dominee en dokter was. La Grange brei uit: "Juis omdat hy 'n tentmaker was en nie net verbonde was aan een gemeente nie, kon hy by verskillende gemeentes preek. Hy was dus geliefd in baie gemeentes, veral in Makwasie. Maar hy was nie net baie mense se predikant nie, maar ook baie mense se jarelange dokter." La Grange vertel dat Kritzinger lidmate in moeilike tye met groot begrip en deernis bygestaan het. "Hy was vir lidmate meer 'n vriend as 'n leraar. Mense het ongelooflik baie respek vir hom gehad," vertel La Grange.

Vervolg op bl 4

'Kerke moet oopmaak'

Die feit dat predikante nie siekes in hospitale kon bystaan nie het 'n yslike pastorale vakuüm gelaat, het ds Nelis Janse van Rensburg vandeeweek in 'n kort nabetraging oor die impak van Covid-19 gesê.

Die moderator van die Algemene Sinode het 'n beroep op lidmate gedoen om dit weer na eredienste te waag ná maande agter grendel en voor rekenaarskerms. "Ek weet dominees was baie kreatief met telefone ens, maar dit vergoed nie vir die gebrek aan persoonlike kontak nie. Daar is 'n baie groot behoefte aan *koinonia* – daardie behoefte om saam te aanbid. Ek hoop dat dit mense sal terugbring na die eredienste," het Janse van Rensburg op die eerste dag van 'n twee-dag virtuele saamtrek van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) op 29 September gesê.

"Natuurlik het ons van verlede Sondag die opsie om 250 mense in te neem in eredienste. Ek dink ons moet nou vir ons lidmate, wat op ander plekke hulleself blootstel, soos winkelsentrums, sê hulle moet nou hulleself in die kerk ook blootstel – terwyl ons by die reëls bly; sosiale afstande handhaaf, maskers dra, die intekening doen. Ek dink dit is tyd dat ons ons kerke oopmaak vir die groter hoeveelheid mense," het hy gesê.


Altesaam 50 afgevaardigdes uit elk van die NG Kerk se 10 streeksinodes het via Zoom ingeskakel vir die eerste sessie wat terugvoer oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe behels het: van toekomstscenarios vir die kerk, aanpassing tot leierskapstruktuur en -styl rondom "spoedeisende kwessies", tot 'n bydrae oor die verskynsel van dolering, wat ietwat van 'n gonswoord in dele van die kerk geword het te midde van onenigheid oor die hantering van selfdegeslagverbintenisse.

Vervolg op bl 4

Die waarde van woede? – bl 17



Grafika: Carl Lamprecht, Thought Sculpture



Spesiale aanbod vir gemeentes en Bybelstudiegroepe

Normale
prys:
R215

Koop
5 boeke
en kry
1 gratis!

Bestel *Uit die Beek 2021* voor 30 Oktober om dit teen die spesiale prys aan te koop.

Uit die Beek 2021 lui 'n nuwe reeks van hierdie klassieke Bybeldagboek in. Die oogmerk is om die Bybel in die volgende klompie jare deur te lees. Vanjaar verskyn *Uit die Beek* weer uit die pen van die bekroonde skrywer Barend Vos.

Koop 5 boeke en kry een gratis!

Die goeie nuus vir gemeentes is dat Bybel-Media hierdie gewilde Bybeldagboek met 'n uitstekende afslag aanbied. **Koop 5 dagboeke en kry die 6de een gratis!**

Adverteer hierdie aanbod in jou gemeente en moedig jou gemeentelede aan om hierdie geestelike toerusting in 2021 te gebruik.

Bestel dadelik om te verseker dat jy *Uit die Beek 2021* ontvang.

Domineebroers getuig: Elke dag bied tog rede vir smile

JACOBIE M HELENA

“Elke dag het ons ma Adri haar dagboekinskrywing afgesluit met ’n rede waarom ons kan breed smile. Sy het die gesiggie wat ’glimlag’ daarby geteken.”

Só onthou die NG predikantbroers, JR en Ruan Nieuwenhuizen, hulle ma, Adri Nieuwenhuizen, wat op 27 September haar 22 jaarlange stryd teen veelvuldige sklerose (MS) verloor het. Sy was 52. JR is predikant by die NG gemeente King Williams Town en Ruan was voorheen by NG gemeente Brackenfell-Wes leraar.

Een van die grootste uitdagings die afgelope 22 jaar was die ontoeganklikheid van die wêreld vir mense met gestremdhede, vertel JR. “’n Mens kom gou agter dat alle plekke nie gerat is om mense met gestremdhede te akkommodeer nie. Ons moes al drie verdiepings met ’n rolstoel op ’n stel trappe aanpak. Gelukkig is ons hardkoppig of dalk ’n

bietjie dom, maar ons kon dit laat werk,” skerts JR.

Ruan vertel dat hy soms sukkel om sy ma te onthou voor sy met MS gediagnoseer is. Hy vertel verder: “Sy is reeds in 1998 gediagnoseer en ek was toe maar net vyf jaar oud. Aan die begin het die dokters vir my en my broer verduidelik dat MS amper soos ’n tipe kortsluiting in die brein is. Die brein sê vir die arm om te beweeg, maar die boodskap kom nie daar uit nie. Ons het as gesin die uitdaging hanteer deur soveel as moontlik van die diagnose te verstaan. Vinnig het ons bewus geword dat MS veelvuldige variante het. My ma het die progressiewe MS-toestand gehad wat beteken dat die persoon stelselmatig al hoe meer die gebruik van hulle ledemate verloor,” verduidelik Ruan.

Beide broers beklemtoon dat van hulle gunstelingherinneringe van hulle ma haar aartappelslaai en melkert is wat hulle nog nooit kon namaak nie.

“En ’n skilpad! Die skilpad het ons darem nie geëet nie,” voeg JR grappenderwys by. JR onthou hoe hulle ma eendag by die huis met ’n skilpad aangekom het. “Dit was ’n groot bergskilpad wat oor die pad geloop het, toe laai sy dit in die katebak, want sy wou dit graag vir ons wys. Haar ‘can-do attitude’ sal vir my altyd uitstaan,” vertel JR.

Ruan voeg by dat behalwe die talle lawwe oomblikke, wat hulle verhouding met Ma Adri gekenmerk het, was die kosbaarste herinnering vir hom die dag toe sy ma by sy bevestiging as predikant die toga oor sy skouers gehang het. “In daardie kwesbare oomblik is my roeping net opnuut vir my bevestig,” onthou Ruan. Ruan vertel dat Ma Adri hom geleer het dat daar nie iets soos ’n slegte dag is nie. Alhoewel daar oomblikke in elke dag is wat ’n mens frustreer, hartseer, woedend of selfs moeg maak, is daar ook elke dag iets wat mense breed kan laat smile.



Die NG predikantbroers, JR en Ruan Nieuwenhuizen, se ma, Adri Nieuwenhuizen, het op 27 September haar 22 jaarlange stryd teen veelvuldige sklerose (MS) verloor.

Foto verskaf

En het die broers raad vir ander families wat ook deur MS geraak word? Beide sê eers ‘nee’. Maar Ruan voeg by dat hy eerder ’n hoop vir families het. “My hoop is dat families nooit sal vergeet dat hulle nie van die liefde van God geskei kan word nie. MS is ’n toestand, dikwels met finaliteit, maar deur dit alles is daar altyd, elke dag, iets wat ons kan laat breed smile,” sê Ruan.

Eenheid: ‘Ons het 25 jaar gemors’

JACOBIE M HELENA

“As ons ernstig oor hereniging is, dan moet ons oomblikke skép waar wit- en swartmense saam aanbid. Dit gebeur nie outomaties nie. Want ons het al 25 jaar gemors. En soveel het al gebeur. Daar het ’n verharding plaasgevind en rassisme is meer volop. So ook homofobie en xenofobie. Ek dink nie dit is te laat nie, maar ons het dit soveel moeiliker vir onself gemaak.”

Só klink die oproep tot kerkhereniging deur prof Allan Boesak, bekende swart-bevrydingsteoloog en voormalige moderator van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA), aan die einde van die dokumentêr, *In Gods Naam*.

Dié nuwe 26-minuutlange YouTube-dokkie gaan oor die geskiedenis van die VGKSA en spreek onder meer slawerny, kolonialisme, rassisme en die NG Kerk se betrokkenheid by apartheid aan. Dit is deur die Fakulteit Geesteswetenskap aan die Universiteit van Pretoria (UP) in samewerking met die VGKSA gemeente SA Gestig vervaardig.

Die première is gevolg deur ’n aanlyn-paneelbespreking, onder leiding van prof Norman Duncan, vise-hoof: Akademie aan UP, waar dr Llewellyn Macmaster, moderator van die VGKSA Streeksinode Kaapland en predikant van VGKSA gemeente SA Gestig, prof Hennie Stander, professor in Grieks en waarnemende direkteur van die sen-

trum van Japannese Studies by UP, Jolina Zimri, lidmaat by die VGKSA gemeente SA Gestig, ds Riaan de Villiers, predikant by NG gemeente Groote Kerk en prof Siona O’Connell, professor by die Universiteit van Pretoria (UP) se Skool van die Kunste en regisseur van die dokumentêr, die sprekers was.

Vanuit ’n NG lidmaat se perspektief het Stander gesê dat vereniging net kan plaasvind as plaaslike geloofsleiers Jesus se gebed “Vader, maak ons een” uitleef.

Hoewel hy sy misnoeë oor die huidige vordering in die herenigingsproses uitgespreek het, het hy ook lig gewerp op die stories van hoop wat daar in die herenigingsproses te hoor is.

De Villiers het tydens sy spreekbeurt, vanuit die SA Gestig-kerkgebou in Belhar, die belangrikheid en waarde van die Belhar-belydenis vir die NG Kerk beklemtoon. Hy het gesê dat die NG Kerk op die mislukte pad na kerkhereniging die geskenke en beloftes wat in

genesing, versoening en restitusie opgesluit is, verloor en so tekortsiet om deel aan God se plan en visie vir sy kerk te hê.

Macmaster beaam die belangrikheid van die Belhar-belydenis en sê ten slotte in die dokumentêr: “Belhar, die kerk, die belydenis, is die kragtige uitdaging aan die kerk, maar ook die kragtige getuigenis van die kerk. In ’n tyd van wanhoop en hulpeloosheid wil ons met Belhar en deur Belhar weer hoop gee,” verduidelik Macmaster.



In dié skermgreep uit die dokumentêr, *In Gods Naam*, staan dr Llewellyn Macmaster, moderator van die VGKSA Streeksinode Kaapland en predikant van VGKSA gemeente SA Gestig, ds Riaan de Villiers, predikant by NG gemeente Groote Kerk, prof Allan Boesak, bekende swart-bevrydingsteoloog en ds Stephen Snyman, predikant by die Calvyn Protestantse Kerk in Athlone op 8 Desember 2019 rondom die nagmaals-tafel in VGKSA gemeente SA Gestig. In die dokkie word daar vertel dat die Groote Kerk tydens hierdie nagmaalsdiens ’n nagmaalsbeker aan die SA Gestig gemeente oorhandig het om die eenheid wat tussen hulle in Christus lê, te beklemtoon.

Vervolg van bl 1

Ook geldsake is bekyk: "Gemeentes se inkomstestrome is radikaal geaffekteer deur die inperkingsmaatreëls, luidens 'n verslag van die dagbestuur van die ASM. Janse van Rensburg het op 'n stadium verwys na 'n skatting dat sowat 10% van die NG Kerk se meer as 1 100 gemeentes in 'n dilemma is. "Bankkollekte, gemeentebasaars en insamelingsgeleenthede asook dankoffers is beïnvloed. Gemeentes wat voor die pandemie reeds finansiële swaargekry het, se finansiële posisie het beïnvloed. Ons verneem van enkele gevalle waar daar afleggings van personeel was," luidens die verslag.

Terwyl hy oop gesprek oor onderwerpe soos selfdegeslagverbintenisse aangemoedig het, het Janse van Rensburg klem gelê op 'n "kerklike manier van verskil".

"Vriende, daar moet geen twyfel wees nie. Dit is nie asof enige iemand beswaar ontmoedig nie. Mense moet praat en as (mense) glo die Algemene Sinode is teologies nie suiwer nie moet hulle dit sê. Daar is weë geskep daarvoor ... Daar is 'n kerklike ma-

nier om kerklike goed te hanteer," het Janse van Rensburg gesê tydens 'n bespreking van die ASM-dagbestuur se verslag met betrekking tot selfdegeslagverbintenisse. "Die algemene sekretaris het 'n aantal briewe ontvang van gemeentes wat aandui dat hulle doleer as gevolg van die 2019-besluit insake selfdegeslagverbintenisse," lui die verslag. "Die Algemene Taakspan Regte (ATR) het reeds tydens sy vergadering van Maart 2020 aangedui dat dolering geen kerkregtelike status het nie. Die ATR het ook toe aangedui dat gemeentes wat doleer steeds al hulle voorregte en verpligtinge ten aansien van die kerkverband behou."

'n Voorstel wat by monde van ds Johan Brink, die voorsitter van Goudland, kort voor die einde van die eerste dag ingedien is, het oorgestaan tot die volgende dag.

Dr Dewyk Ungerer, aktuaris van die Algemene Sinode het afgevaardigdes intussen begelei deur 'n bylaag tot die ASM-dagbestuurdokument om meer lig te werp op die term en implikasies van dolering.

Vervolg van bl 1

Bossie Meiring, kerksdorp-Oos, sê dit is vir hom moeilik om iets van Kritzinger uit te sonder omdat hy so volledig mens was, maar ook volledig kind van die Here in sy menswees. Hy sê dat dit bykans onmoontlik gaan wees om sonder hom te wees. "Ons sal poog om sy voorbeeld uit te leef in ons gemeentelewe as 'n dankbare gedagtenis aan hom," sê Meiring.

Kritzinger word deur sy vrou Nadene en drie kinders Danie, Ilona en Rinaldo oorleef.

Hy laat 'n predikantbroer agter, dr Andries Kritzinger, emerituspredikant, en dr Koos Kritzinger, dosent in Latyn aan die Universiteit van Pretoria. Nico het die twee beroepsgroepe in die gesin bymekaar gehou, want daar is ook drie broers in die mediese wêreld, Daan, Deodat en Sarel, asook 'n suster Marlian.

In Namakwaland rou die Klaver-gemeenskap oor die dood van hulle VGKSA-leraar, Donnie Koordom. Ds Pedro Oktober, predikant by VGKSA Vredendal, vertel dat die gemeenskap in skok is na Koordom enkele dae voor sy 44ste verjaarsdag op 19 September in die Tygerberg-hospitaal aan Covid-19 dood is. "Die mense is verslae, stil en geskok. Hulle sukkel veral met vrae oor God: 'Hoekom het God dit toegelaat? Hoe moet ons vir God verstaan? Hoe-

kom vat God die mens wat streng die voorsorgmaatreëls nagekom het?'" sê Oktober.

Koordom se vrou, Jo-Ann, beaam dat die gemeenskap van Klaver stukkend is. Sy vertel dat sy nog ses maande in die pastorie op Klaver gaan aanbly sodat die gemeenskap die geleentheid kry om hulle eer aan Donnie te betoon. Hulle het nie kinders nie. Sy sal haar man altyd onthou vir die manier wat hy haar op die hande gedra het. Sy brei uit: "Donnie het my soos 'n queen behandel. Hy het byna niks sonder my gedoen nie. Sy wêreld het om my gedraai. Hy was 'n mense-mens en familiemens," onthou Jo-Ann.

Jo-Ann moes in self-isolasie bly en kon nie saam met haar man Tygerberghospitaal toe gaan nie. Sy onthou wel die twee videoboodskappe waar sy, sonder dat sy dit toe besef het, kon afskeid neem. Donnie het tydens die eerste oproep nie veel reaksie getoon nie omdat hy nog besig was om uit die koma te kom. Jo-Ann vertel verder: "Ek sal die tweede oproep altyd koester. Die dag voor sy dood het hy rustig en wakker gelyk. Ek het vir hom 'n gebed en lied gespeel. Ek het gewet hy was bekommerd oor my. Dat hy my aangesteek het. Ek het vir hom gesê dat ek fine is. En sonder dat ek toe besef het, het ek hom release," vertel Jo-Ann.

Kerkbode publiseer die dokument volledig hieronder ter verheldering van die gesprek.

Om te adverteer in *Kerkbode*, kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914; E-pos: woes@mweb.co.za

Posisie van gemeentes (kerkrade) wat beswaar het teen kerklike vergaderings se besluite

1. Mag gemeentes (kerkrade) beswaar aanteken teen kerklike vergaderings se besluite?

Die antwoord is 'n besliste "JA". Kerklike vergaderings (kerkraad, ring, sinode en algemene sinode) word saamgestel uit ampsdraers wat gewone mense is wat feilbaar is en wat ook die gevolg kan hê dat besluite wat tydens vergaderings geneem word feilbaar is. Artikel 23.2 en 23.4 bevestig ook hierdie aangeleentheid.

Eerstens beklemtoon ek die beginsel van kerklike vergaderings se werkswyse dat sake op hulle agenda vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse behandel word (vgl Artikel 21).

In die lig van menslike swakhede en feilbaarheid kan enige lidmaat en/of kerklike vergadering in die tweede plek wel verontreg (beswaard) voel op grond van die Woord van God, die belydenis van die kerk en die kerkorde (sien Artikel 1 en 2) wanneer lidmate/kerklike vergaderings oordeel dat bepaalde besluite in stryd is met die Woord van God, die belydenis van die kerk en die kerkorde (vgl Artikel 23.1).

Derdens word lidmate/kerklike ver-

gaderings opgeroep om eerstens alle kerklike middele wat tot hulle beskikking is aan te wend en uit te put voordat hulle hulle tot die burgerlike hof en/of ander platforms wend (vgl Artikel 23.6). Verder verbind elke gelegitimeerde van die NG Kerk hom/haar ook tot die volgende in die plegtige legitimasi-verklaring wat tydens legitimasi afgelê word:

4. dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie.

5. dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou.

(vgl Reglement 12:8.4).

Laastens skep die kerkorde die volgende wyses waarop lidmate/kerklike vergaderings beswaar kan aanteken teen bepaalde besluite:

2.1 Besluite van kerklike vergaderings is bindend, maar dit kan herroep, gewysig of vervang word by wyse van hersiening (revisie), leerstellige beswaar (gravamen) of appèl (in die geval van kerkraad, ring, sinode). In die geval van die Algemene Sinode geskied dit deur middel van 'n prosedurele beswaar.

2.1.1 Hersiening (revisie) behels die hersiening van 'n bestaande besluit, tydens dieselfde of 'n volgende verga-

dering op versoek van 'n lid van die vergadering.

2.1.2 'n Leerstellige beswaar (gravamen) is 'n ernstige beswaar teen 'n besluit wat die Algemene Sinode geneem het oor leerstellige aangeleenthede en word gebruik om 'n ernstige beroep hierop op die Algemene Sinode te doen.

2.1.3 Appèl behels 'n beroep op 'n meerdere vergadering wanneer 'n lidmaat en/of kerkvergadering 'n ernstige beswaar het oor 'n kerkvergadering se besluit.

2.1.4 'n Prosedurele beswaar is 'n beswaar in terme van 'n kerkordelike prosedurele ongerymdheid tydens 'n vergadering van die Algemene Sinode of sy gevolmaggigde.

(vgl Artikel 23.1 en Reglement 23.2).

2. Die kerkregtelike posisie van 'n lidmaat/kerklike vergadering wat doleer

Binne die Nederduitse Gereformeerde kerkreg soos verwoord in haar kerkorde(s) sal die begrip "doleer"/"dolerende" nie gevind word nie. Vanuit 'n kerkregtelike beoordeling sou 'n lidmaat/kerklike vergadering wat "doleer" hom/haarself buite die orde van die kerk stel as sou daar bepaalde kerkordelike waarde/status aan so 'n aksie gegee word. Die rede waarom 'n "dolerende" lidmaat/kerklike verga-

dering hom/haarself buite die orde van die kerk stel, lê in die bepaling van Artikel 23.6 (... voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie) asook dat "dolerende" nie een van die erkende kerklike middele naamlik hersiening (revisie), 'n leerstellige beswaar (gravamen) of appèl is nie.

3. Vanwaar die begrip "doleer/dolerende"?

Soos reeds in punt 2 verwys, is die begrip "doleer" in die Nederduitse Gereformeerde kerkregtradisie 'n onbekende begrip. Die kerkorde(s) van die NG Kerk maak ook nêrens voorsiening vir 'n lidmaat/kerklike vergadering om te doleer nie.

3.1 Die herkoms van die begrip "dolerende" (geneem uit 'n dokument van dr Jorrie Potgieter)

3.1.1 Dolering kom in die gereformeerde kerkgeskiedenis wel binne ons kerktradisie voor, en wel in Nederland. Dr Abraham Kuiper het die voortou hiermee geneem (1886), en sy doel hiermee was reformasie binne die kerk sodat die destydse sogenaamde liberale Nederlandse Hervormde Kerk weer met die oorspronklike belydenis instem ("omdat" die belydenisskrifte in ooreenstemming met die Skrif is, en nie, "in soverre as wat" die belydenisskrifte

Kathu vier 45 jaar met deurryparty

JACOBIE M HELENA

“Tydens hierdie verjaarsdagvieringe het dit net weer absoluut duidelik geword dat ons lidmate, ons geloofs-familie, te midde van Covid-19 steeds ’n behoefte het om saam te wees en saam te staan. Dit was ’n ware oomblik van hoop.”

Só sê ds Roné Vosloo, predikant by NG gemeente Kathu, wat op 14 September die gemeente se 45ste verjaarsdag met ’n “deurrypartyjie” gevier het.

Die gemeenteskriba, Erenalize du Toit, vertel dat hulle gou koppe bymekaar moes sit om steeds ’n besondere geleentheid van dié verjaarsdag te midde van die inperkingsregulasies te maak. Du Toit brei verder uit: “’n Paar vroue het kolwyntjies gebak, die koffie is in wegneemhouers reggesit en die lidmate is genooi om tussen 16:00 en 18:00 die Maandagmiddag vir dié deurryfeesviering te kom. Daar was baie vreugde en ’n ware partytjie-atmosfeer in die lug. Die leraars en van die ander kerkpersoneel het die koffiebestellings geneem en lidmate bedien. Dit was vir almal lekker om mekaar ’n slag te sien en vinnig ’n paar woorde deur die motorvenster te wissel,” het Du Toit gesê.



’n Gemaskerde di Heinrich Viljoen en Roné Vosloo, predikante by NG gemeente Kathu, bedien die lidmate met kolwyntjies en koffie tydens ’n deurrypartytjie om die gemeente se 45ste bestaansjaar te vier. Foto verskaf

in ooreenstemming met die Skrif is nie). Die gemeente van die destydse Nederlandse Hervormde Kerk te Amsterdam was die oorsprong van die doleansie aangesien sy geweier het om aan sogenaamde liberale predikante “attestate” uit te reik. Verskeie ander gemeentes het hierop gevolg en by Kuiper aangesluit.

3.1.2 Onder die leiding van Kuiper het die kerkraad van Amsterdam voorgestel dat die “plaaslike reglement” (waarskynlik iets soos die “kerkorde van die streeksinode”) gewysig word sodat ’n deel van die kerkraad en lidmate as gevolg van die besluite van die meerdere vergaderings uit die Nederlandse Hervormde Kerk kon onttrek met behoud van geboue en ander goedere.

3.1.3 Dit het daartoe gelei dat daar voorlopig 80 kerkraadslede in Januarie 1886 onder tug geplaas is, en later geskors is. Die rede hiervoor was omdat hulle die gesprek wat binne die kerk aan die gang was geïgnoreer het, en kerk-eenheid verbreek het. Kuiper en ander lidmate het hierop gereageer deur onmiddellik ander samekomste te begin. Hierdeur is ’n nuwe kerk begin. Dié wat afgestig het, het hulleself die dolerendes genoem. Hulle het na hulleself as dié wat treur (klaag; huil) verwys. In 1887 het die “treurende” ’n eie organisasie begin wat gelei het tot ’n kerk wat in

1892 die Gereformeerde Kerke in Nederland genoem is. Die Vrije Universiteit van Amsterdam is ook een van die vrugte van die dolerendes.

4. ’n Kerkregtelike interpretasie

Aangesien daar geen kerkordelike bepalings bestaan oor “doleer/dolering” nie, het die Algemene Taakspan Regte in Maart 2020 die volgende interpretasie oor “doleer” gegee:

Die kerkorde veronderstel eenheid en maak dus geen voorsiening vir dolering nie. Die saak behoort pastoraal hanteer te word.

Die ATR oordeel dat dolerende gemeentes, ringe of sinodes nie hulle locus standi binne die kerkverband verloor nie. Dit beteken dat dolerende gemeentes, ringe en sinodes hulle volle voorregte en volle verantwoordelikhede behou.

Hierdie interpretasie beteken die volgende:

’n Lidmaat/kerklike vergadering wat doleer

4.1 tree nie uit kerkverband nie en bly steeds lidmaat/gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

4.2 beskik daarom oor alle regte en voorregte van die kerkverband en kan dus aan gesprek deelneem, alle lidmaatskapvoorregte geniet en deelneem aan meerdere vergaderings. Predikante

behou hulle volle bevoegdhede en regte (mediese en pensioenvoordele) en kan beroep word.

4.3 behou ook hulle volle verantwoordelikhede. Dit beteken dat lidmate/ampsdraers en kerklike vergaderings steeds aan die bepalings (artikels, reglemente en besluite) van die NG Kerk gebonde is en gehoorsaam behoort te wees. Dit sluit ook in die kontraktuele ooreenkomste wat gesluit is tussen lidmaat/gemeente; gemeente/ring; gemeente/sinode en sinode/algemene sinode. Nie-nakoming van verantwoordelikhede/ooreenkomste sou neerkom op die verontagsaming van die kerkorde (vgl Artikel 23.1), ongehoorsaamheid en die moontlikheid van kontrakbreuk.

5. Voortgesette hantering van die dolerende gemeentes

Binne die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel neem die ring verantwoordelikhede vir die opsig oor gemeentes. Wanneer ’n gemeente in daardie ringsverband doleer, behoort hierdie aangeleentheid binne ringsverband op ’n pastorale wyse hanteer te word.

5.1 Praktiese implikasies daarvan is:

- Soek altyd na die eenheid van die kerk omdat die eenheid van die kerk van Christus belangriker is as onderlinge verskille.

- Luister met liefde en begrip en hou versoenende gesprekke lewend.

- Soek saam na oplossings en poog om mekaar te vind te midde van verskille.

5.2 Voorregte bring ook verantwoordelikhede mee.

- Dolerende gemeentes behou volle sittingsreg in vergaderings en is kerkordelik steeds verplig om afgevaardigdes na meerdere vergaderings te stuur.

- Gemeentes wat doleer is steeds verplig om hulle sinodale deelname na te kom en sinodale bydraes te betaal. Bydraes wat weerhou word loop op en sal wel later deur die nageslag betaal moet word.

- Die nienakoming van ooreenkomste en finansiële verpligtinge sou neerkom op kontrakbreuk. En dit is nie hoe ons as gelowiges stylvol ons getuïenis uitleef en in die kerk optree nie.

- VBO en die verwerwing van krediete moet steeds deur predikante gedoen word, want dit kan later ’n negatiewe effek hê op die beroepbaarheid van predikante.

– Bron: NG KERK: VERSLAG VAN DIE DAGBESTUUR VAN DIE ALGEMENE SINODALE MODERAMEN (ASM) IN VERGADERING OP 29 EN 30 SEPTEMBER 2020.

Teologiese opleiding ... ná die pandemie

“Wat gaan aan by ons universiteite?” is ’n vraag wat dikwels gevra word en wel met ’n ondertoon wat wissel van diepe agterdog tot hoopvolle nuuskierigheid.

In kerkkonteks het akademiese opleiding uiteraard ’n direkte invloed op nie alleen die manier hoe daar oor God gedink en gepraat word nie, maar ook die manier hoe gesprek gevoer en debat benader word. Skrifbeskouing, wêreldbeskouing ... you get the point. Wat geleer en doseer word by teologiese fakulteite is medebepalend vir die kerk se toekoms.

In erkenning hiervan het algemene sinodegangers verlede jaar ’n aanbeveling goedgekeur dat ’n algemene dosenteraad gevestig word. Die groep wou vanjaar ’n afskopkonferensie hou, maar Covid-19 het hulle gefnuik. Alle gelegitimeerde NG leraars wat teologie doseer in Suid-Afrika en Namibië is nietemin genooi en het uiteindelik voor hulle Zoomskermes ingeskuif, het dr Frederick Marais, voorsitter van die Algemene Kuratorium (AK), onlangs aan lede van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) vertel.

Bladsy 79 van ’n 106-bladsy agenda-en-bylaag dokument waardeur die ASM-lede einde September tydens twee halfdag-sessies gewerk het, bevat ’n bondige opsomming van wat ’n interessante gesprek tussen die 47 dosente moes gewees het, met die fokus wat geplaas is op “ondersteuning, gebed en waardering vir dosente”.

Die pandemie se reuse-impak op hoër onderwys in die algemeen sal ook teologiese opleiding ingrypend verander, meen Marais. Namate universiteite post-Covid-19 sogenaamde gemengde modelle (afstand- en residensiële onderrig) verken, het die AK die gevoel dat die oënskynlike ont-wrigting ’n geleentheid bied om korter residensiële opleiding te bied, met langer periodes van opleiding waar studente in gemeentes praktiese ervaring opdoen. *Kerkbode* sal dié storie dophou.

Martin Barnard

OP DIE KERKSTOEP



Die diep belang van werkskepping

Statistiek Suid-Afrika het vandag (29 September 2020) aangekondig dat 2,2 miljoen meer mense in die tweede kwartaal van 2020 nie werk gehad het nie en dat die mense wat ekonomies onaktief is, met 5,2 miljoen toeneem het.

Wat is die doel van werk? Werk is fundamenteel tot die emosionele en finansiële welwees van ’n persoon. Dit is die grondslag waarop ons ons lewe definieer.

Werk voorsien die werker van ’n persoonlike identiteit in terme van burger van die land, as gesinslid, as bydraer tot die samelewing en ook binne die ekonomie. Werk stel die werker in staat om ’n verbruiker te wees asook erkenning en agting te geniet. Werkgebaseerde identiteit is ’n dinamiese interpreterende aktiwiteit wat help om selfidentiteit te transformeer.

Werkgebaseerde identiteit word as vorm van identifikasie gesien wat individue met hulle werk, werksplek, kollegas en werkgewer ontwikkel. Indien die persoon sy/haar werk verloor, verloor hy/sy ook die identiteit insake sy/haar rol by die werk. Individue ontwikkel op ’n bewustelike vlak in hulle werkidentiteit deur te fokus op hoe hulle hulle sosiale status en hulle individualiteit kan verbeter. Dit is dus duidelik dat

binne werkgebaseerde identiteit die volgende vraag gevra word: “Hoe sien ons onself by die werk?” Daar is ook ’n duidelike verbintenis tussen die sosiale

plan, te struktureer en te organiseer. Dit voorsien ook in die behoefte aan sosiale geleentheid en netwerke buite die gesin. Werk skep die belewing dat hulle van waarde vir hulle medewerkers en hulle gesin is asook ander verhoudinge waarin hulle staan.

Werk skep ook geleentheid, het-sy nasionaal of internasionaal, om sodoende die werker se leefwêreld te verruim en dit skep ook die behoefte wat die werker het aan kontak met die werklikheid, die eise en die voorregte daaraan verbonde.

Dit gee ook aan die werker die geleentheid om leiding te neem en te ontvang, om ander te beïnvloed of ander tevrede te stel. Werk skep ’n sekere rol en status by die werker en skep die geleentheid om kennis, tegnieke en vaardighede te beoefen en te ontwikkel. As ’n werker in sy werksituasie presteer, bou dit ook die persoon se selfagting.

Daar is dus baie meer aan “werk” as bloot ’n finansiële gewin en persone wat hulle werk verloor word hiervan ontnem.

► Dr Martin Barnard het in 2018 ’n PhD voltooi oor verpligte aflegging en is tans predikant by NG gemeente Vishoek asook ’n navorsingsgenoot by die Universiteit van die Vrystaat.

KOMMENTAAR

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

Geagte lesers,

hou julle afstand en bly gesond – Red.



en persoonlike werkgebaseerde identiteit.

Algemeen menslike behoeftes van werk

Francisco-La Grange (1991) wys daarop dat werk die persoon help om orde te skep en mense help om hulle tyd te be-



Jy swot wat?

MARILEEN STEYN

Dr Jaco Barnard, predikant, stel nie net in Sondagerediensbeleging belang nie.

Vir hom is dit van groter belang om te vra oor die erediens wat van Maandag tot Saterdag plaasvind: die erediens van die lewe. Barnard het die diepe oortuiging dat elke oomblik van elke dag ’n erediens is, ’n oomblik van ontmoeting met God se teenwoordigheid. Die Sondagerediens is bloot die wegspringplek vir die erediens wat in die week volg. Die vraag is egter: Hoe effektief is hierdie wegspringplek? Daarom vra hy in sy PhD-proef-

skrif, getiteld “Die erediens van die lewe: ’n Prakties-teologiese verkenning”, die vraag: “Het die Sondagerediensgebeure betekenis vir die gelowige individu se Christelike identiteit en lewe?”

Kortom, blyk die antwoord, in die woorde van die predikante en lidmate wat aan die navorsing deelgeneem het, ja te wees, “mits die boodskap daarvan hulle lewensomstandighede aanspreek, en lidmate hulle lewensdoel help verstaan.” Op die oog af lyk dit soos ’n gerusstellende antwoord wat bloot vir meer relevante prediking vra, maar hier is meer aan die gang.

Barnard gebruik die definisie van ’n erediens soos wat uit sy onderhoude en fokusgroepe na vore gekom het om die erediens van die lewe te bespreek. Hy wys uit dat daar op Sondae van die “samekoms van gelowiges” gepraat word, maar dat mense deur die week al meer individualisties leef. Hy skryf oor gemeentede wat op Sondae wil beleef hoe die Woord oopgebreek word sodat hulle dit verder kan gaan verkondig, maar dat hulle dikwels in sedeboodskappe en eksegeese vasevang voel. Laastens skryf hy oor gemeentede se liefde vir die erediens as ’n plek om te

Die erediens



Om Christus radikaal te volg

Korrupsie vier hoogty in Suid-Afrika. Selfs die staat is op 'n nippertjie na deur mense van buite en binne gesteel. Daarom verdien die #Integritas-beweging wat onlangs vanuit die Hugenate Kollege se Skool vir Goeie Regering in Afrika begin is, ons almal se aandag. #Integritas wil mense bewus maak van die voorkoms en hantering van korrupsie op alle vlakke van die lewe en samelewing.

Die media is altyd gesien as die wêreld se waghond teen korrupsie. Daarom is mediavryheid as een van die belangrikste pilare van die vrye wêreld beskou. Maar vandag leef ons in 'n post-inligting era. Die vraag is nie meer na inligting nie, maar na betroubare inligting. Die Netflix dokumentêre films *The great hack* en *The social dilemma* se verkenning van die gevaarlike invloed wat sosiale media kan uitoefen op die besluitneming en gedrag van mense, is maar enkele nagevorsde waarskuwings dat "fake news" monsteragtige afmetings kan aanneem. Terloops, die flik *The social dilemma* se punt dat as jy nie betaal vir 'n produk nie, jy die produk is, is sekerlik waar van Facebook, Instagram en talle ander sosiale media platforms wat jou gebruikersdata oes. Hoe meer verbruikersdata ingesamel kan word, hoe meer kan modelle gebou word wat ons gedrag voorspel. Wie die beste modelle het, kan natuurlik die beste beïnvloed en manipuleer. Die ergste is dat dit dan gebruik word om die slegste eienskappe van mense na vore te laat tree, alles met die oog op manipulasie en wins. In die proses kan die mees essensiële eienskappe van menswees vernietig word.

Die Amerikaanse president se aanval

op die integriteit van sy land se media is volgens sommige 'n aanval op demokrasie self. Maar hy was ten minste in dié opsig reg dat ons in 'n wêreld leef waarin integriteit skaars is. Wolf loop al te dikwels in skaapsklere rond. Dit sluit ook geestelikes in. Vandeesweek se onthullings deur News24 oor die KwaSizabantu-sending onderstreep juis hierdie punt. Die onderneming se vroom misiestelling verraai nouliks die ondertone van die misbruik en dwang wat nou weer word.

Tog bly die kerk die een instelling wat vertrou word met die waghond-funksie teenoor maghebbers. Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) se stem teen korrupsie in die openbare en private sektor kom in 'n tyd waarin daar na helder leiding gesoek word. Die geloofwaardigheid van baie van hierdie kerklike profete is hoog. Dit was immers hulle wat ook vroeër protes aangeteken het teen apartheid en die magsmisbruik wat toe geheers het. Tydens die Zuma-era het een van hierdie leiers na 'n optog vanaf die Zonnebloemkampus voor die parlement gestaan en gesê: "We have walked these streets before. We know their names. We will walk them again until this government fall or refrain from stealing ..."

Die kerk is 'n allerbelangrike waghond. #Integritas wil ons opnuut bewus maak van die vaardighede van 'n be-

troubare waghond. 'n Betroubare waghond oor die waarheid is nie bang vir die waarheid nie, maar onverskrokke. Hy speel nie belangespeletjies as dit kom by waar of onwaar nie. Hy kom nie met ideologiese truuks vorendag wanneer die waarheid hom nie pas nie. Hy werk nie onder skuilname nie. Hy grom nie vandag vir die leuen, maar môre swaai hy sy stert vir halwe waarhede nie. Hy praat nie van ander kwaad voor hy nie met hulle self gepraat het nie. Hy kyk mense in die oë en vra die regte vrae. Hy maak nie verdag agter die rug, maar aan die voorkant is hy oordadig vroom nie. Hy speel binne die ooreengekome reëls. Hy is nie selektief en gebruik sy bronne soos dit hom pas nie. Hy is konsekwent. Hy pas dieselfde norme toe vir almal. Hy is eerlik en deursigtig.

In ons land word daar natuurlik besondere eise aan die waghond gestel. Die ongelykhede in ons samelewing maak immers dat mense se nood nie gesien word vir wat dit is nie ... as menslike nood. Mense word objekte: die armes, die pensioentrekkers, die werkloses, die haweloses, die immigrante, die dit en die dat. God se waghonde oor die waarheid beskerm mense teen objektivering – of dit nou die in-mense is wat hulle daaraan skuldig maak, of die rykes of die stadsraad of die werkgewers of politici of opportuniste of wie ook al.

Dan skop die waghond se instinkte in en druk hy vorentoe om te beskerm en te waarsku – geen miskenning nie asseblief, geen magsmisbruik nie, geen selfsugtige aannames voordat daar nie geluister is nie. Geen selektiewe toepassing van reëls nie. Geen uitspraak of optrede voordat ons nie goed gehoor het wat die menslike implikasies is nie. Geen hoorsê voordat ons nie seker weet nie. Die waarheid is die waarheid.

As die NG Kerk hierdie pad wil loop, God se roeping hieroor ernstig wil neem, sal ons ons hand diep in eie boesem moet steek. Ons sal nie ander kan blameer sonder om ook na onself te kyk nie. Ons sal moet kyk na ons eie arbeidspraktyke, na die vergoeding van werknemers, na die nakoming van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) se reëls oor nie-essensiële kerklike inkomstes, na die wegsteek van inkomstes en bates ter wille van sinodale berekeninge, na die nakoming van kerklike prosedures, na die hantering van mense se menswaardigheid, na die etiese hantering van inligting, na die bereidheid om te luister voordat ons aannames maak. Ons sal moet werk om 'n prestasierekord te bou van onverskrokke eerlikheid, ongeag wie die geïmpliseerde is. Ons sal weer moet leer dat die toets vir etiese gedrag meer behels as om net aan die wet gehoorsaam te wees. Ons sal moet reguit praat, of dit swart of wit, ryk of arm is wat nie die toets van etiese gedrag slaag nie. Hiervoor sal ons Christus radikaal moet volg wat die elite van sy tyd voortdurend konfronteer met die waarheid van mense se Godgegewe waarde en die liefde wat oor alle grense strek.

► Ds Nelis Janse van Rensburg is die voorsitter van die ASM.

“Ons sal moet kyk na ons eie arbeidspraktyke, na die vergoeding van werknemers.”

van die lewe

In dié rubriek gesels die skrywer met PhD-studente oor interessante navorsingsonderwerpe.

aanbid sonder dat hulle noodwendig daarvan bewus bly dat aanbidding 'n lewenswyse is.

Wat Barnard vind, is dat "die diepte van, betekenis en doel van die verskeie liturgiese rituele vir lidmate onbekend is." Daar is dus 'n gaping tussen die erediens en die lewe en in hierdie opsig het die erediens nie die gewenste impak op die gelowige individu se Christelike identiteit en lewe nie.

Eredienste in die tyd waarin Barnard sy proefskrif ingehandig het (2019) en erediens in die tyd waarbinne hy sy graad verwerf het (April 2020) lyk na-

tuurlik radikaal anders. Hoe interpreteer Barnard die situasie vanuit sy kennisveld? Dit maak hom opgewonde, het hy aan *Kerkbode* vertel. Hy sien dit as 'n geleentheid om die ruimte van die erediens na die lewe te neem sodat mense opnuut kan besef dat sitkamers, en nie net kerkgeboue nie, ook heilige ruimtes kan wees waar familieleden mekaar in die erediens kan bedien.

Die artikel waarin Barnard sy bevindinge beskryf, lees maklik en dit gee baie stof tot nadenke vir diegene wat erediens lei, sowel as vir dié wat dit bywoon (al dan nie). Barnard is besig

om ons uit te daag om die betekenis van beide die Sondagerediens en die erediens van die lewe te herontdek.

● Dr Jaco Barnard is predikant by NG Garsfontein en het in 2020 sy doktorsgraad in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Kontak hom gerus by jaco@nggars.org.za vir sy PhD of die artikel daaroor.

► Marileen Steyn is tentmakerleeraar van NG Saldanha met 'n spesifieke fokus op jeugbediening.

□ Het jy 'n storievoorstel vir hierdie rubriek? Kontak die skrywer by marileen.steyn@gmail.com



Dr Jaco Barnard

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Gemeente is hartseer oor rigting wat Algemene Sinode rondom Skrifgesag en Skrifinterpretasie ingeslaan het

Ds Ensie Enslin van NG Dutoitspan skryf:

Hierdie skrywe dien as kennisgewing dat die NG gemeente Dutoitspan, Kimberley, op 'n kerksaamvergadering van 23 Augustus 2020, eenparig tot die volgende besluite gekom het:

Ons is hartseer oor die gebeure in die NG Kerk en die duidelike afvalligheid rondom Skrifgesag en Skrifinterpretasie. Ter wille van die eer van God en sy Naam (Eseg 36:21-22), asook ter wille van die NG Kerk (as deel van die Liggaam van Jesus Christus – waarvan HY ALLEEN die HOOF IS! – Ef 1:22-23; Kol 1:18), is dit noodsaaklik om hierdie proses nie net téén te staan nie, maar ook oor te gaan tot aksie. Per implikasie sê ons ook soos Martin Luther: “Hier staan ons, ons kan nie anders nie!”

Die gemeentede is op 17 Januarie 2020 ook uitgenooi tot 'n oop gesprek (via 'n gemeentevergadering) waar 100% van die teenwoordiges eenparig gestem het téén die pad wat die Algemene Sinode die afgelope paar jaar ingeneem het – menende téén dit wat die Woord van God ons baie duidelik leer.

Met dit as agtergrond stel ek u namens die kerkraad en gemeente amptelik in kennis:

1. Dat die NG Gemeente Dutoitspan amptelik doleer/treur oor die gebeure in die kerk en dat ons onself nie daarmee

kan vereenselwig nie omdat die besluite van die Algemene Sinode en die optrede van die ASM nie Skrifgefundeerd is nie. Ons spreek ons hartseer voor God uit oor die rigting wat die Algemene Sinode ingeslaan het – ook rondom Skrifgesag en Skrifinterpretasie.

2. Wat ons betref is daar lankal reeds 'n LEERGESKIL rondom die Woord en ook die belydenisskrifte van ons geliefde NG Kerk. ELKEEN van die predikante wat hierdie nuwe rigting ingeslaan het, tree direk in stryd op téén God se Woord, die belydenisskrifte van ons kerk, asook hulle eie legitimasiëed (wat ELKEEN ONDERTEKEN HET MET DIE BELOFTE OM NIE DAARVAN AF TE WYK NIE).

2.1 Op grond van hierdie oortuiging, distansieer ons ons amptelik van die besluite van die Algemene Sinode van 2019 en doen ons 'n ernstige beroep (eintlik 'n PLEIT-ROEP!) op ons streek-sinode van Noord-Kaapland om 'n LEERGESKIL met die Algemene Sinode te verklaar en hulle saam met ons (en vele ander lidmate, gemeentes, ringe en selfs 'n sinode), op te roep tot 'n terugkeer na die waarhede van die Bybel as Woord van God.

2.2 Hierdie “leergeskille” sluit onder meer in: die verwerping van: die maagdelike geboorte van Jesus Christus; die bestaan van die duivel; die opstanding van Jesus Christus; die verdraaiing van die Bybel om mense se lewenswyses normatief te maak BO die Woord van God (en dus BO die GOD van die WOORD!); die Skrifgesag; Skrifinterpretasie, ens. – wat uitvloeiels gehad het soos byvoorbeeld leerverskille ten opsigte van die huwelik – wat volgens die Woord slégs erken word as 'n verhouding tussen een man en een vrou. Die

implikasie daarvan is dat enige ander seksuele verhouding of aktiwiteit BUITE die HUWELIK NIE volgens die Bybel as Woord van God aanvaarbaar is nie.

Aanvaarding van sondaars sonder om sondige optredes te aanvaar

Chris Smith van Westonaria skryf:

Die meeste persone betrokke met kommunikasie sal erken: Die beste manier om iemand te oortuig is nie deur statistiek of om feite te deel nie, maar eerder om jou persoonlike verhaal te deel. In 'n wêreld wat oorlaai is met kennis en inligting het daar 'n honger ontstaan vir 'n persoonlike band – die Engelse noem dit “connectedness”. Selfs al is dit met 'n vreemdeling.

Ons wil iemand anders se lewe en emosies hoor en beleef. Daarom die geweldigheid van sepië en veral realiteitsprogramme. Logika is nie meer die groot besluitnemer nie. Emosionele ervaring en meeleving word die vormer van die sameleving.

Natuurlik moet ons onthou dat die grootste verhaal natuurlik God se pad met ons is. Die Bybel vertel sy verhaal en deel met ons sy hart en begeerte vir ons. Dit vertel van sy hart wat gebroke was oor ongeregtheid en liefdeloosheid. Die verhaal oor sy bereidheid om die diepste lyding deur te gaan ter wille van my. Sy verhaal herskep my, vorm my en bind my aan Hom.

Die probleem met stories en verhale is dat dit dikwels net soos 'n grappie is. Die tweede of twaalfde keer lag ek nie meer nie en raak dit my ook nie meer

nie. Die hartseer is dat God se verhaal ons dikwels ook nie meer raak nie – ons ken dit tog van lankal af. Die uitdaging is om opnuut die Skepperhart te hoor elke keer as ek lees. 'n Doelbewuste soeke en versugting na Hom, selfs nog voor ek begin lees. God se verhaal, anders as mense se stories, bevat egter die waarheid.

Natuurlik is daar niks mee verkeerd om emosioneel geraak te word deur ander se stories nie. Die probleem is egter dat ons dikwels belangrike besluite maak bloot op emosies. En emosies kan verander. Dink maar aan daardie week waarin die mense een oomblik uitgeroep het: “Loof Hom!” en 'n paar dae later: “Kruisig Hom!” Hoeveel keer was ons nie al spyt oor emosionele besluite nie?

Die groot uitdaging kom wanneer ons as kerk oor belangrike sake moet besluit wat langtermyn-implikasies het. Die vraag is: Word ons besluite as kerk beïnvloed deur mense se verhale wat ons emosioneel raak of luister ons nog na God se verhaal, wat dalk oorbekend geraak het? Soms word 'n mens emosioneel geraak deur 'n persoon se verhaal en tog keur jy sy optrede af. Dit beteken nie dat ek die persoon as mens verwerp nie. Al het ek simpatie met hulle worsteling, beteken dit nie ek is liefdeloos nie. Dalk is ek net dieper geraak deur iemand anders se ou bekende liefdesverhaal wat 'n groter waarheid bevat. 'n Verhaal van soeke na en aanvaarding van sondaars sonder om ooit die sondige optredes te aanvaar.

Ek lees hierdie raak: “When your story connects to God's story, it leads to a greater story. It's only by connecting to God's story that your story will come alive. It's only then that your story will become” (Sam Collier).

Luister na stories en geniet hulle, maar onthou altyd die lang verhaal van ons Skepper. Dit is die groot verhaal agter alle verhale.

Eenwording: Waarom dié getalm?

Martin van Stilbaai skryf:

Nelis Janse van Rensburg se rubriek op www.kerkbode.co.za verwys (“Om Christus radikaal te volg”). Hoekom verswyg jy die mees korrupte saak in die NG Kerk, naamlik sy meer as 30 jaar se weiering om een met die familie van NG Kerke te word? Dit raak die hart van die NG Kerk in die Suid-Afrikaanse sameleving se geloofwaardigheid. Prof Jonker het vir my by die 1986 Algemene Sinodale vergadering in Bloemfontein gesê hy wag al in die 20 jaar hiervoor, ek kan ook nog maar wag. Nou, ek wag nou al 34 jaar! Nou wat het so 'n geloofsgemeenskap in die RSA ooit te sê?

Nuut

Skryf vir jouself R1 000 los met Kerkbode se skryfkompetisie

Ons soek jou mees oorspronklike gedagtes en beste skryfwerk vir ons skryfkompetisie wat die beste lesersbydraes met 'n kontantprys en publikasie in *Kerkbode* beloon.

Deelnemers kan in een of meer van drie kompetisiekatteorieë inskryf:


- 2020: Insigte uit 'n annus horribilis.
- Hoe lyk 'n inklusiewe kerk?
- Só lei die Bybel my besluitneming in my alledaagse lewe.

Hoe skryf ek in? Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die kompetisie-storie op die tuisblad. Volg die eenvoudige instruksies.

Waarna is ons op soek? *Kerkbode*-sto-

ries is vanjaar altesaam meer as 800 000 keer gelees, volgens Google Analytics, wat dié goed tel. En wanneer 'n mens kyk na watter soort stories in *Kerkbode* gelees word, besef jy gou daar is een gemene deler: Lesers hou van helder, goedgeskrewe stories en briewe. So dit is presies wat ons beoordelaars van jou vra. Toeganklik én insiggewend. Sowat 800 woorde wat die leser verras, vermaak en inlig.

Wanneer kry ek my prysgeld? Drie weninskrywings sal op www.kerkbode.co.za en in hierdie blaaie gepubliseer word en die wenskywers sal betyds ingelig word dat hulle hulle stories via sosiale media kan deel met soveel moontlik lesers.



● Sluitingsdatum vir inskrywings: 23 Oktober 2020.

Die Here se kerk is na wese inklusief

Ds Freek Swanepoel skryf:

Die jaar 2020 bring toe groot uitdagings vir die NG Kerk. Die grensdeltyd hou die lidmate buite die eredienste en werksaamhede van die gemeente. Hulle word toe eksklusief. Gelukkig gryp gemeentes die geleentheid aan om hulle dienste meer inklusief te maak. Op Sondag word op elektroniese platforms eredienste gehou. Dit laat lidmate voel dat hulle gemeente hulle op 'n nuwe wyse insluit om die evangelie van Jesus Christus te hoor. Die kerk is by hulle en hulle word betrek in die onnatuurlike tyd. Die boodskap is toe oop vir enige een wat wil kyk en luister.

Getrou aan die lidmate ontstaan daar vinnig ook ander aksies wat lidmate inklusief betrek. Die wêreldwye pandemie bring vinnig die ongelukheid van ons land se mense na vore. In vele huise het die werk opgehou en is daar groot behoefte aan kos en ander lewensmiddele. Gemeentes spring in en maak sop en versprei kospakke. Op dié wyse word die nood van die wêreld ingetrek

in die hart van die gemeente. Daar word beraam dat meer as 70% van die NG Kerk se gemeentes met ywer aan hierdie inklusiewe aksies deelgeneem het en daarmee volhou. Met dié aksie is daar nie gevra na taal, geslag, ras of geloof nie. Voorheen is daar meer op ons eie mense en gelowiges gekonsentreer; nou was dit oop vir enige een in nood. Dit is mos inklusief.

As ons terugskou na ons verlede was dit juis een van ons swakhede dat ons nie genoeg inklusief in die wêreld opgetree het nie. Ongelukkig het ons ook mense uitgeskakel by die verkondiging van God se Woord. Ons hulpdienste was ook meer gerig op ons eie soort; ons eie mense; en ons eie verstaan van God en geloof. Die kring van 'my naaste' is baie nou en baie gerieflik naby ons getrek. Daarom sal elke kerkraad wat in hierdie dae besin en beplan oor 'kerkwees vandag' baie fyn na die Gees moet luister oor inklusiwiteit. Enige een wat onderskeidend dink sal besef dat die ou patroon van gemeente-wees verby is en dat die uitdaging is om alle mense – nie net dié met sertifikate nie – in gedagte te hou en te bedien. Lidmate wat in hierdie dae bewus geword het dat die Here wel nog sy almag en redding aan

die hele mensdom bewys het, sal verstaan dat dit nooit meer in die kerk net om hulle kan gaan nie, maar dat dit om almal gaan.

Daar kan seker geredeneer word dat 'n gemeente darem primêr sy eie lidmate moet bedien. Daar is nou geleentheid om die skopus van ons bediening nog meer te verruim. Gelukkig het die minder klem op persoonlike huisbezoek meegebring dat leraars meer beskikbaar is vir alle mense en hulle geestelike behoeftes. Daar het ook in die laaste drie dekades groter inklusiwiteit in ons gemeentes gekom toe die vroue in die ampte toegelaat is. Die groter insluiting van die gelowige vroue word egter steeds gekortwiek deur ongelukheid. So, die kerk worstel om werklik as gemeente van die Here inklusief te wees. Dink maar hoeveel tyd dit geneem het om die kinders volgens hulle bevatlikheid deel te gee aan die Nagmaal.

Jesus Christus het in sy omwandelinge op aarde aan ons so 'n pragtige voorbeeld gestel. By die eerste oogopslag kan dit lyk of hy net na die skape van Israel gekom het of net na die getroues. In die praktyk was Hy anders. Hy was van nature inklusief. Daarom praat hy met die Samaritaanse vrou by

die put, en sluit hy die knaende Siro-Fenesiese vrou nie uit nie. Almal is by Hom welkom en mag deel in sy gewes. Persone wat ander nie raaksien nie roep Hy nader, soos die kinders en vroue en tollenaars en selfs Nikodemus. Tereg sê Jesus dat Hy as Goeie Herder ook 'ander' skape het en dat Hy hulle ook moet lei. By die uitstorting van die Heilige Gees word by die 15 verskillende tale genoem. Almal mag hoor!

Die term "inklusief" het ook betrekking op die besluite wat die kerk neem. Voorheen kon die NG Kerk gerieflik besluite neem sonder om alle lidmate in ag te neem. Die nuwe maatstaf vir ons tyd is om te vra of ons besluite mense wat in Jesus Christus glo, onbillik uitsluit. Juis om inklusief op te tree het gemeentes in die laaste jare geleentheid gekry om ook hulle stem pertinent te laat hoor. Oor die Belhar-belydenis kon gemeentes en sinodes hulle eie besluit neem. Ongelukkig het die "demokratiese" proses tot gevolg gehad dat die kerk eksklusief opgetree het teenoor gelowiges van ons "eie" kerke wat hulle hart vir ons oopgemaak het. Belhar stel 'n uitdaging om inklusief te wees.

Die kerk is net inklusief as sy God se koninkryk laat kom.

Só reageer lesers op kerkbode.co.za by die berig: Eredienste: 'Tyd dat ons kerke oopmaak' – Nelis

Ds Jaco Thom

Dis jammer dat die reaksie van die ASM nêrens blyke daarvan gee dat hulle die hartseer en frustrasie van talle gemeentes hoor nie. Hier word dolerende gemeentes gekapittel oor hulle drastiese besluit om te doleer, terwyl die roepstem om weer na die saak te kyk, blykbaar geensins gehoor word nie.

Ek het van talle gehoor dat hulle nie die ervaring gehad het dat hulle gravamina in die verlede behoorlik hanteer is nie. Amptelike skrywes wat ek namens die kerkraad tot die ASM gerig het, is ook met 'n informele briefie aan my persoonlik geantwoord. 'n Skrywe wat ek in my eie naam aan die Wes-Kaapse moedatuur geskryf het, is bloot geïgnoreer. Dit frustrer kerkrade dat hulle verontwaardiging en ontsteltenis só afgemaak word.

Ek is bevrees die kerkleiding het heeltemal voeling verloor met wat in gewone lidmate se hart leef. Die

sinode het self gesê daar is 'n vasgelooptheid in die nadenke oor die gay-kwessie. Behoort 'n kerk voort te gaan met ingrypende leerbesluite en dit prakties te implementeer terwyl daar onsekerheid en tweespalt oor die saak in sy geleedere is?

Dr Chris Saayman

My persoonlike waarneming is dat die proses van gesprek en luister totaal onbillik en eensydig bedryf word. Sinodaalgesindes verwag van Skrifbehoudendes om te "luister" en ad infinitum aan te hou "luister" tot dat die gewenste resultaat bereik is. Die gewenste resultaat is natuurlik OF dat Skrifbehoudendes hulle siening verander en kompromie maak met Sinodaalgesindes OF dat Skrifbehoudendes hulle standpunt vir hulleself hou en ophou om Sinodaalgesindes te irriteer met hulle oproep tot bekering. Die gewenste resultaat van die proses van "luister" is dat Skrifbehoudendes en Sinodaal-



gesindes in 'n valse eenheid van kompromie en onbybelse verdraagsaamheid saamleef. Van die begin af was DIT die uitkoms wat deur die "seisoen van luister" bereik moes word. Sou dit egter gebeur dat die proses van "luister" daarop kon uitloop dat Skrifbehoudendes se stand-

punt dalk die Skriftuurlik-korrekte blyk te wees, is die gewenste resultaat nie bereik nie en moet die proses van gesprek en luister voortduur. Dit is duidelik dat ons hier met 'n totale doodloopstraat te make het. Intussen bou die druk op. Binnekort gaan daar 'n ontploffing wees.



KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoorure): 021 864 8252
Intekenare/gemeentenavrae:
Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247

Joernalis: Jacobie M Helena
Tel 072 828 9760
E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za

Profesier: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231



Weerloosheid, verwonding bring verwondering

Vanjaar se Excelsus-lentekonferensie het kongresgangers 'n 'roetekaart' gegee om die ongekarteerde terrein van wanhoop, verwonding en woede in die lewe só aan te pak om plek te maak vir 'n toekoms van hoop, weerloosheid en verwondering. *Kerkbode* het – nes die kongresgangers – ingeskakel via Zoom.

Dag 1 | 'Verwondering ten spyte van omstandighede'

“Ons woon in vele opsigte in 'n verwonde wêreld,” het dr André Bartlett Maandagoggend ter inleiding van die 15de Lentekonferensie gesê aan 'n Zoom-gehoor wat by die 160 gaan draai het.

“Ons sien die wonde oral rondom ons. Die wonde van onsekerheid en verlies, die wonde van ekonomiese swaarkry, die wonde van korrupsie, rassisme, plaasmoorde en gendergeweld,” het Bartlett, geklee in 'n ligblou hemp en 'n groot rooi strikdas, vanuit sy studeerkamer uitgebrei op die keuse van die tema by vanjaar se virtuele saamtrek, naamlik “'n Roetekaart: Van wond tot verwondering”.

Bartlett het verduidelik dat “verwonding” en “verwondering” gewoonlik teenoor mekaar staan: “Jy is óf verwond of verwonderd, maar by vanjaar se kongres sit ons dit langs mekaar.”

Een van die hoofsprekers by die aanvangsdag van hierdie geleentheid, wat van 14-18 September plaasvind, was dr Leon Wessels. Die oudpolitikus het onder meer oor menseregte, vooroordeel en #BlackLivesMatter gesels, terwyl 'n toekomskundige wenke vir tye van ontwrigting gedeel het en prof Yolanda Dreyer gepraat het oor hoe “liggaamgefokusde praktyke” gelowiges kan help om deernis te ontwikkel.

Prof Dirk Human, professor in Ou Testament (OT) aan die Fakulteit Teologie aan UP, het aan die hand van klaagliedtekste uit die OT gewys hoe dié tekste in 'n Covid-19-tyd as pastorale

instrument gebruik kan word om mense te help om tot verhaal te kom. Hy het verduidelik dat klaagliedere, wat in boeke soos Job, Klaagliedere, Psalms en selfs die profetiese tekste gevind word, ruimtes bied waar mense in krisistye opnuut iets oor God, van mekaar en van hulleself kan ontdek. Só verduidelik Human hoe die klaagliedere, as vorm van geloof, nuwe lewe bemiddel en van 'n vraagteken 'n uitroepteken maak.

Dreyer, professor in Praktiese Teologie by UP, se voorlegging het weer gekyk na voordele van beliggamde spiritualiteitspraktyke. Aangesien die liggaam en liggaamlikheid in die verlede dikwels uitgeskakel is wanneer daar oor spiritualiteit in die kerk gesels is, verduidelik Dreyer hoe praktyke soos asemhaling, meditasie, kontemplatiewe gebed en estetiese ervarings momentum op die reis na heelheid bied.

Wessels, skrywer van twee politieke memoires, *Einde van 'n era – bevryding van 'n Afrikaner* (1994) en *Vereeniging – die onvoltooide vrede* (2010), het oor menseregte gesê: “Al 27 menseregte kom uit die basiese beginsel dat wat jy aan ander doen, moet wees wat jy graag wil hê die ander moet aan jou doen. Ons eis gereeld respek vir onself, maar is ons sensitief genoeg ingestel om respek vir ander te betoon? Die vraag wat ek hier vra, is of dit nie moontlik vir ons is om mekaar meer en beter te slyp om menseregte in die groter konteks beter te verstaan nie? Dat die idee van menseregte nie verskraal en beperk kan word tot regsargumente nie, maar dat dit eerder iets is wat ons aldag en heeldag moet leef”.

Wat vooroordeel betref het Wessels

kongresgangers gedaag om hulleself te pols en te vra hoe hulle daarmee saamleef? Hy het erken dat hierdie soort vrae dikwels met vrees gepaard gaan en dat hy self hieroor struikel omdat hy bang is. “Ek is bang vir die internetrolle wat gereed staan om my met hulle bitsigheid te verguis. En dan draai ek maar die rug en probeer die vrede bewaar. Maar leef ons rassisme of swyg ons oor rassisme? Hoe staan ons by die braaivleisvuur? Verbreek ons die rustige gesellige familiegesprek? Dit is maklik as ons van 'n afstand af kritiseer, maar dis moeiliker wanneer daar gesprekke oor rassisme in nader en meer intieme gesprekke plaasvind. Ons praat nie graag oor dinge wat kiewelrigheid veroorsaak nie? Kiewelrighede soos die #BlackLivesMatter-beweging. Hoekom maak ons 'n geveg van die blacklivesmatter-beweging? Hoekom kan ons nie op 'n kalm manier oor hierdie dinge praat en redeneer nie? Hoekom kan ons nie in gesprek tree nie?” vra Wessels.

Hy het lof vir die NG Kerk se betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se vermaning van die regering oor korrupsie en het afgesluit deur naasteliefde en geregtigheid uit te sonder om die pad in Suid-Afrika saam as geloofsgemeenskap te stap.

Nog 'n spreker, dr Graeme Codrington, het inleidend oor die ewe aktuele onderwerp van ontwrigting weens Covid-19 gesels en aan die hand gedoen dat daar heelwat “herverbeel”-werk voorlê asook doelbewuste “afleer” van ou gewoontes. Die geordende Baptiste-predikant het dieselfde raad gehad wat hy in korporatiewe konteks as strategieekonsultant deel: Onthou, die ma-

nier waarop jy werk en leef is nie 'n naelloop nie, maar eerder 'n maraton. Ontwikkel 'n volhoubare “Covid-pas”, was die advies. In 'n tweede sessie het hy spesifiek die impak van Covid-19 op die toekoms van die kerk van toepassing gemaak.

Dag 2 | Oor emigrasie, mindfulness en oorsake van verwonding

Volgens 'n emigrasiespesialis wys statistieke dat 23 000 Suid-Afrikanners elke jaar emigreer. Dit was deel van 'n virtuele sessie op die tweede dag van die jaarlikse Lentekonferensie getiteld “My kind is vir altyd in 'n ander land.”

Dr Sulette Ferreira, 'n opgeleide sosiaal-wetenskaplike navorser, het gekyk na die kompleksiteit van emigrasie vir ouers én kinders deur te praat oor die emosionele impak wat met elke fase (voor emigrasie, weggaan en na emigrasie) van landverlaat gepaardgaan.

Die groot getalle landverlaters maak die kwessie geweldig kontroversieel. En die nuwe wetgewing – om Suid-Afrikanners wat geëmigreer het of beplan om te emigreer tot drie jaar van hulle pensioenfondse te weerhou – dra natuurlik tot die kompleksiteit en kontroversie van emigrasie by.

'n Gesprek oor emigrasie gaan nie oor of die kind wat besluit om te emigreer reg of verkeerd is nie, maar eerder oor die ouer se hantering van die situasie, het Ferreira benadruk. Sy het praktiese wenke gebied, soos om 'n weeklikse afspraak met jou kind wat oorsee woon, vas te maak. Of hoe om reisreëlings te benader




'n Skermgreep tydens die eerste sessie van vanjaar se Lentekonferensie wat van 14-18 September volledig aanlyn via Zoom plaasvind. Oud-politikus dr Leon Wessels, voor in die rooi trui en een van die hoofsprekers, en dr André Bartlett, hoof van Excelsus, tydens die vraag-en-antwoordsessie na afloop van Wessels se voorlegging waar hy weerloos oor die verleentheid en geleentheid van sy pad met die NG Kerk gepraat het.



Dr Sulette Ferreira, 'n opgeleide sosiaal-wetenskaplike navorser, het gekyk na die kompleksiteit van emigrasie vir ouers én kinders deur te praat oor die emosionele impak wat met elke fase (voor emigrasie, weg gaan en na emigrasie) van landverlaat gepaardgaan.



Kabous Meiring, hoofspreker van dag drie van die jaarlikse Lentekonferensie, tydens die antwoord- en vraagsessie op Zoom. Sy het die gehoor herinner om met vreugde, verwondering, maar ook verantwoordelikheid die identiteit van Suid-Afrikanskap te vier.



Ivor Swartz sluit passievol met 'n gebalde vuus vanjaar se Lentekonferensie af deur die kongresgangers van die kuns en verwondering wat daar in verliese opgesluit is, te vertel.

vir ouers wat verlies ervaar en die eerste keer oorsee gaan kuier.

Ferreira meen die verlies van die kleinkinders wat oorsee bly het 'n geweldige impak op die grootouers wat agterbly. Maar, herinner sy, elke situasie van emigrasie is uniek en elke persoon beleef dié drastiese verandering en verlies anders.

Nog drie sessies het op die tweede dag plaasgevind. Ds Immanuel van Tonder van die NG gemeente Lynnwood het 'n driedelige sessie gelei oor mindfulness in tye van pyn en verlies. Kerkbode het byna twee jaar gelede berig oor die dramatiese gebeure toe die Van Tonders se huis afgebrand het, 'n ervaring waarna hy vandag ook 'n paar keer verwys het. 'n Baie treffende anonieme aanhaling van Van Tonder se denke goed saam: "The body reveals, what the heart feels and what the mind conceals." Vir hom is dit belangrik dat energie vloei na waar 'n mens fokus. Die byna sestig deelnemers aan die sessie kon ook in gongsgroep verdelende praktiese fokus oefeninge doen.

Die laatmiddagsessie het aan prof Jaco Beyers, hoof van die Departement Bybelse en Religieuse Studies aan UP, behoort. Aan die hand van die Duitse teoloog Friedrich Schleiermacher (1768-1834) het Beyers gewys hoe die moderne mens se selfgerigtheid en selfgenoegsaamheid lei tot verwonding. Hy het die voorbeeld geneem van 'n groep mense wat in 'n wildrykvoertuig in die wildtuin ry. Wanneer een "verwonderd" uitroep dat hy 'n luiperd gesien het, raak dit nog nie die ander mense nie, totdat hy vir hulle kan wys op watter tak in watter boom hy die luiperd gesien het en hulle ook daarin kan deel. So moet ons wat God "sien", ook vir ander mense die pad na God toe wys, sodat hulle ook daarvoor "verwonderd" kan wees.

Dag 3 | Grondhervorming, huistrots en 'grit'

Hy is 'n "coach" met 'n sielkundige agtergrond wat met sportlui begin werk het – van top-tennis spelers tot Bloubaal-loskakels – om hulle te help kweek aan daai vreemde ding wat een mededinger dikwels die oorhand gee wanneer talent min of meer gelyk is: veerkrachtigheid ... oftevel grit.

Gielie Hoffmann se praatjietema van vanjaar se Lentekonferensie was: "Die nuwe gesig van veerkrachtigheid" en vir hierdie gehoor het sy boodskap uiteraard minder met paletoeskop en dubbelfoute te make gehad en meer met hoe hy glo 'n rowwe jaar soos die een wat steeds woed 'n nuwe soort grit in talle mense ontsluit het.

"2020 het van ons avontuur-atlete gemaak," het hy geskerts. "Die ou wat om 'n vasteland roei op 'n stuk dryfhout." Dinge soos die grendelstaat en allerlei inperkings gepaard met persoonlike asook breër maatskaplike verlies het volgens Hoffmann nuwe "dimensies" aan veerkrachtigheid gegee.

Woensdagmiddag het hy, via Zoom

vanaf sy familieplaas, 'n paar goed wat hy raaksien in ons samelewing met kongresgangers gedeel, wat *Kerkbode* hieronder geparafraseer het uit sy praatjie:

Meer eerlikheid: Mense praat meer vrymoedig oor die feit dat hulle sukkel. **(Omsig vir) toksiese positiviteit:** Daar is 'n gewaarwording dat dit gevaarlik is om swaarkry te ontken – om 'positief te bly' op 'n manier wat nie eerlik is nie.

Realistiese optimisme: Daar is by sommige 'n onderhandeling met hulleself oor verwagtinge. Dit is waar daar 'n meer realistiese lens gevind word om te kyk na wat nodig en moontlik is.

Die groter prentjie ... Big picture-benadering beleef 'n goeie jaar, volgens Hoffmann.

Begin beweeg: Perke op beweging en oefening bewys juis hoe belangrik dit vir ons as mense is – ook vir die gemoed.

Tydens die interaktiewe deel van die sessie het Hoffmann genoem hoe hy glo kerke 'n rol kan speel by die kweek en versterking van veerkrachtigheid: Voorraadopname. "Kerke is 'n wonderlike plek wat refleksie kan fasiliteer," was Hoffmann se raad. 'n Eenvoudige stel refleksievrae sal lidmate die raamwerk gee om na te dink en neer te pen wat hulle wys geword het uit hierdie jaar met sy vele ontwrigtings en nuwe soort uitdagings. "Druk dit uit en sit dit in jou Bybel of plak dit op jou yskas."

Grondhervorming

Stories. Die luister en vertel van stories is waarvoor prof Elmien du Plessis, regskenner by die Noordwes-Universiteit, tydens die sessie oor grondhervorming gepleit het. Dié spesialis op die gebied van Artikel 25 van die grondwet, wat oor grondbesit en grondhervorming handel, het aan die hand van vyf stories oor Artikel 25 met die kongresgangers gesels. Dié stories sluit onder andere komplekse vrae oor die identiteit van Suid-Afrikaners, herverdeling van grond, restituisie, sekerheid in verblyfreg; stedelike inwoners se verantwoordelikhede, vergelding, kommersiële boerdery en verskille oor voedselsekerheid in.

En haar oplossing vir die omstrede kwessies rondom grondhervorming? "Ek glo in herstellende geregtigheid. As ons nie gaan leer om mekaar in die oë te kyk en opreg, sonder om mekaar met etikette te benader, na mekaar se stories te luister nie, gaan ons nie hierdie kwessie kan oplos nie. Dit is nodig dat ons léér om na mekaar se unieke stories te luister. En hiermee kan die kerk help. Die kerk kan ons help om stories van hoop eerder as vrees te vertel," het Du Plessis die kerkgemeenskap uitgedaag.

Een van die hoofsprekers by vanjaar se konferensie, Kabous Meiring, het Du Plessis se pleidooi oor die vertel van stories beaam. Sy het self haar voorlegging met "stories van Suid-Afrikanerskap" ingekleur. Met haar tema "Slegs met huistrots kan ek jou innooi" het sy die gehoor uitgenooi om verwonderd oor

die medemenslikheid van Suid-Afrikaners te wees. Máár sy het herinner dat ons, as Suid-Afrikaners, verby die punt is om te sê almal is in ons huis welkom. En met huis het sy na identiteit verwys: Suid-Afrikaners se identiteit wat met vreugdes en verwondering, maar ook verantwoordelikheid gepaard gaan. Meiring brei uit: "Dit is tyd om 'n uitnodiging na mekaar te rig. Om te sê: 'Ek wil jou leer ken,' al begin dit net om eers voor jou eie huis te wees."

"Reform, revive, re-imagine"

Met dié woorde het die tweede spreker van die dag, Graeme Codrington, kongresgangers aangemoedig om die koronavirus-pandemie as geleentheid vir groei te gebruik eerder as om net bloot te verlang na tradisionele kerkdienste in 'n gebou. Codrington het die virtuele gehoor aangemoedig om na te dink oor die aard van kerkwees tydens periodes van verandering. Hy het gevra: "Hoe gaan die kerk lyk om gesonde kerke te wees? Die kerk is God se voertuig wat heelyd moet aanpas by veranderinge wat tyd meebring. Die kerk gaan elke paar eeue deur 'n hervormingsproses. Covid is deel van die reformasie van die kerk," verduidelik Codrington. Hy het die luisteraars aangemoedig om nie inwaarts kerk te wees wat bloot gelowiges se eie behoeftes aanspreek nie, maar om eerder na buite, met dissipelskap as kern, kerk te wees.

Dag 4 | Waag deur weerloos te wees

Wanneer ons met 'onverwagte' gewaarwordings gekonfronteer word, is ons instink om daarvan weg te skram, veral as dit ons weerloos laat voel. "Daardie ervarings van weerloosheid kan egter nuwe kennis oor jouself en die werklikheid verteenwoordig, mits jy 'oop' is daarvoor," het dr Tanya van Wyk op die vierde dag van vanjaar se Lentekonferensie gesê.

Die senior lektor in Sistematiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria het oor waagmoedige weerloosheid ("courageous vulnerability") gepraat. In die drie agtereenvolgende sessies het Van Wyk, met die sessietitel: "Die kuns om nie weg te kyk nie: Die dapperheid om met weerloosheid om te gaan" oor die manier waarop ons op onverwagte gebeure reageer en hoe ons met ons eie weerloosheid kan omgaan, gepraat. Van Wyk het vir Kristine Culp oor weerloosheid aangehaal: "This is what vulnerability means: that human life by definition embraces both ill and well, both rejection and welcome. In other words, being alive implies that one is susceptible to being changed in ways that may be destructive or transformative."

Van Wyk het verder die tema van waagmoedige weerloosheid teologies in verband gebring met die wyse waarop gelowiges God se 'almagtigheid' bely en het die implikasies van Jesus se 'courageous vulnerability' vir ons Godsbeelde,

Godstaal en die wyse waarop ons God se betrokkenheid by die gebroke menslike toestand verstaan, ook bespreek. Sy het geargumenteer dat Jesus se weerloosheid 'n krag eerder as 'n swaakteit is en dat dit kan wees dat ons ons eie vrees vir weerloosheid op God projekteer.

Die kuns om nie weg te kyk nie, beteken volgens Van Wyk:

- 'n Etiek van egtheid en betrokkenheid;
- Om op te let (*to pay attention*) na wat in jou lewe plaasvind en hoe dit jou affekteer;
- Om op te let na ander en raak te sien hoe hulle geaffekteer word;
- Dit is egte menslikheid en egte teenwoordigheid – en dit behoort die menslike respons op lyding te wees.

Dag 5 | 'SA het selfloosheid nodig,' sê jeugleeraar

Vanjaar se Lentekonferensie het met 'n hoogtepunt afgesluit toe die hoofspreker, Ivor Swartz, aan die beurt kom. Swartz, jeugleeraar by NG gemeente Oosterlig in Pretoria, het die konferensiegangers uitgenooi om die "kuns van verlies", wat ook sy tema was, met ope arms te verwelkom. "Baie mense sien nie dat daar 'n kuns in wat ons verloor opgesluit is nie. Mense sien byvoorbeeld in huwelike en verhoudings net wat hulle opgee. Hulle sien nie wat hulle gain van verlies nie," het Swartz gesê.

Hy het, weerloos, veral uit sy eie lewe voorbeelde gebruik van die verliese wat hy al gely het en hoe hy later in sy lewe daarby baatgevind het. "Daar is meer wat ek ontvang het ná die verliese omdat ek besluit het om weg te kyk van die verlies af na die plek waar daar verwondering is. En dít is die kuns. Om weg te kyk van die verlies af en te kyk wat is daar wat beauty is, wat true is en wat is daar wat good is," het hy sy aanlyngehoor uitgedaag. Hy het selfs verder gegaan en gesê dat iemand wat nie verlies beleef het nie, nie met oortuiging van God kan praat nie.

Swartz het die kongresgangers uitgedaag om nie vanuit hulle ego en selfgesentreerdheid te leef nie, maar om eerder met selfloosheid en gemeenskaplikheid Jesus na te volg. "Selfloosheid is só belangrik. Ek dink regtig as ons Jesus se woorde oor selfloosheid verstaan, sal ons baie vinniger 'n gesonde prentjie van Christenskap, die kerk en die land ontwikkel. Suid-Afrika het selfloosheid nodig," het hy benadruk.

Vroeër die oggend het Graeme Codrington tydens die vraag-en-antwoordsessie vrae van die gehoor oor die siklusse wat generasies die afgelope eeu beleef het, beantwoord. Hy het uitgebrei en gesê dat Covid-19 'n nuwe era in die geskiedenis meebring het en dat die kerk haarself in 'n nuwe era, die ekuemene era, bevind. Hy het ten slotte vrae oor die uitdaging van die verbruikerskultuur vir die kerk en leierskap beantwoord.

Digiklesia: 'Steeds sal ons sing'

FRANCOIS LAMPRECHT

Namate die grendeltyd voortsleep begin die adrenalien wat groot veranderinge vergesel afneem en word ons duideliker bewus van die uitdagings en tekortkominge van eredienste wat digitaal uitgesaai word. Een daarvan is die plek van sang en musiek in ons erediens.

"Om saam te sing voor die TV is nie dieselfde nie," hoor jy gereeld. Daar is 'n groot stil leemte waar ons saamgesing het. Ons mis mekaar se stem. Ons mis die gevoel van deel wees van die kerk wanneer ons uit volle bors sing: "U goedheid, Heer!"

So wat staan ons nou te doen? Sommige gemeentes trek YouTube-video's in van mooi gepolitoerde liedere met blommietjie-agtergronde. Dit ontken natuurlik die wraak van YouTube se kopieregspuurders! Ander verkies om geen musiek in te sluit nie. 'n Selfoon-video van die orrelis is net nie dieselfde sonder die gemeente wat saamsing nie.

Nog ander maak video's van die orkes of 'n individu wat sang lei. Een ding is seker – ons probeer! Dit is een van die eienskappe wat kerk so pragtig maak – gelowiges soek na maniere om dit te laat werk ongeag omstandighede!

Ek het die voorreg gehad om met Johan Heystek, lang jare se musiekleier van Mosaïek, te gesels oor hoe ons musiek gebruik oor uitsendings en praktiese raad vir gemeentes.

Hier is 'n paar gedagtes wat jou dalk verder kan help met jou eie gemeente se aanlyn-sang:

- Die samehorigheid wat gemeentesang bring is maar net een van die redes waarom die kerk sing – en nie naastenby die belangrikste een nie. Ons sing eerstens om die eer van God. Die musiek gaan oor Hom en nie oor ons nie. Dan is daar die rol wat sang speel om ons te help verwoord en bely wat ons glo en natuurlik om onderrig te word oor die waarhede van ons geloof. So lank voordat ons kom by ons eie lekker saamsing is daar redes waarom ons sing met of sonder ander om ons. Johan praat van "die geskenke wat Covid vir ons gebring het" waarvan hierdie vir seker een is: Ons het nou 'n uitstekende geleentheid om sang te gebruik suiwer om God te eer en te reflekteer op wat ons glo.

- Nog een van hierdie geskenke is die geleentheid om musiek 'n ander rol te laat vervul in die erediens. Waar bekwame musikante beskikbaar is kan musiek ingespan word om gelowiges te help om

emosioneel te "connect" met die boodskap waarna ons luister. En dit het niks te doen met emosionele manipulasie nie, maar eerder met fokus. In 'n wêreld waar ons aandag uiters verdeeld is kan musiek ons help om hier en nou teenwoordig te wees en in Johan se woorde "my oë na Hom toe te draai". Vir 'n goeie voorbeeld van hoe dit gedoen kan word kyk na een van Johan se dienste hier: https://www.youtube.com/watch?v=oN_wtDel1qM

- Hier is nog 'n stukkie goeie nuus: Die kwaliteit van jou opname is nie so belangrik soos jy sou dink nie. Doen natuurlik die beste wat jy kan, maar dit beteken meer vir gelowiges om iets opreg van hulle eie gemeente te sien en hoor as om 'n fyn gepolitoerde opname te hoor. Daar lê groot waarde daarin om jou eie gemeente se stempel daarop te sit en dit het 'n verrassende vermoë om iemand wat kyk weer hulle eie gemeente te laat "beleef". "Dit vat hulle weer na daardie plek toe," sê Johan.

- Grendeltyd is 'n uitstekende geleentheid vir die verskeidenheid generasies

in die gemeente om meer betrokke te raak in die bediening. 'n Ouer orrelis en 'n 15-jarige vlogger (iemand wat gereeld kort video's aanlyn plaas) kan 'n gedugte span maak! Vooruitbeplanning en spanwerk is vir Johan essensiële elemente vir die skep van 'n goeie aanlyn-erediens.

Daar lê vir ons groot uitdagings, maar dalk selfs nog groter geleenthede, voor. Wat gaan ons leer in die grendeltyd wat ons help nuut dink oor hoekom en hoe ons sing wanneer ons weer in die kerk kan sit? Gaan ons iets herwin van musiek en sang se vermoë om ons God te help sien, om ons fokus na Hom te verskuif ten spyte van ons omstandighede? My vermoede is dat hierdie proses ons definitief 'n groter waardering gaan gee vir die voorreg om te sing tot God se eer.

□ Digiklesia is 'n geleentheid om saam te dink oor die geleenthede en uitdagings van digitale bediening. As deel daarvan wil ons jou nooi om ons 100% gratis webinar by te woon op 14 Oktober. Kom wees deel van die gesprekke en leer by kenners in die teologie, maar ook YouTube-kenners, mediaspesialiste, draaiboekskrywers en meer! Vir meer besonderhede en om in te skryf gaan na <http://ngkerkpellissier.co.za/digiklesia>

► *Dr Francois Lamprecht is 'n leraar by die NG gemeente Pellissier in Bloemfontein.*

“Digiklesia is 'n geleentheid om saam te dink oor die geleenthede en uitdagings van digitale bediening.”

Paulus se werksbeskrywing vir bedienaars

JURIE VERMEULEN

In hierdie vyfde artikel in ons leierskapreeks, trek ons die derde van vyf laaie in Paulus se leierskapkabinet oop. Hier vind ons die apostel se werksbeskrywing vir bedienaars, en ons almal weet hoe belangrik hierdie dokument is. Dit is immers die maatstaf waaraan jy gemeet gaan word met prestasie-evaluasietyd. In 1 Timoteus 3:1 skryf Paulus dat die bediening 'n "voortreflike" (ook "goeie" of "edele") werk is. Ek moet egter erken dat dit nie altyd ewe voortreflik met my gegaan het in die bediening nie; met 'n gereelde tekort aan fondse, lae salarisse, lidmate wat nie ag slaan op goeie raad en berading nie (met al slegter gevolge!) en kwynende lidmaatgetalle, het dit soms redelik, on-edel gevoel!

In Efesiërs 4:11-15 gee Paulus vir bedienaars van alle tye 'n samevatting van hulle werksbeskrywing: "En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die

gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus." Al die "gawes" of bedienings wat hier gelys word is God se spesiale taakmag wat in werklikheid net een doelwit voor oë het; die "opbou" of totstandkoming van 'n volwasse, toegeruste kerk – een wat Christus self kan verteenwoordig op die aarde.

Volgens Paulus is so 'n kerk die resultaat van twee prosesse; (1) die toerusting van lidmate deur God se veelvuldige leiers aan die een kant, sowel as (2) die gevolglike effektiewe dienswerk deur beide toegeruste lidmate en bekwame leiers aan die ander kant. Al die eienskappe wat Paulus verder aanbied tot einde vers 15 beskryf hierdie opgeboude, volwasse kerk; ... "eenheid van geloof, ... volle kennis van

Christus, ... volgroei soos Christus, ... nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger ... deur elke wind van dwaalleer nie;" met die klimaks in 4:15, "... ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe." Die apostel het duidelik

hoë ideale gekoester; uit sy hoë ideale verdeelde, vervolgte en verstrooide huiskerkies, meestal gevul met gewone, verwarde mense, moes 'n heerlike mosaïek-vergestalting van Christus verrys op aarde; beide in wese en bediening!


What3Words is 'n internasionale adresstelsel wat drie woorde gebruik om die ganse oppervlakte van die aarde in blokke van 3x3 m te verdeel. Koeriers gebruik dit omdat dit heelwat meer akkuraat is as GPS-koördinate. In vers 15 hierbo ge-

bruik Paulus drie woorde wat die ware kerk se ideale adres aandui; "liefde", "waarheid" en "Christus." God se leiers behoort daagliks te streef na hierdie doel deur woord en daad, preek en voorbeeld. Al ons eredienste, opleidings, vergaderings, funksies en fondsinsamelings behoort plaas te vind onder die wapperende vaandel waarop hierdie drie woorde trots pryk.

Volgens Paulus vervul Christenleiers hulle taak soos liefdevolle vaderen moederfigure: "Hierdie dinge skryf ek nie om julle skaam te maak nie, maar om julle as my geliefde kinders tereg te wys." Hierdie inherente eienskap van leierskap ervaar ek in Afrika waar mense, baie ouer as ek, my soms aanspreek as "baba" (vader). Ek gewaar redelik wye konsensus dat Paulus se verhewe visie vir die kerk 2 000 jaar later steeds onvervuld bly – daar is baie werk wat net wag op die regte leier!

► *Dr Jurie Vermeulen is nasionale direkteur van FEBA Radio SA. Besoek www.febaradio.co.za vir meer inligting.*





Aktuele verse vir ons tyd

Beskut teen vrese deur Cas Vos
Uitgewer: Naledi, 2020
Resensent: Rethie van Niekerk

Beskut teen vrese is 'n tydige digbundel uit Cas Vos se produktiewe pen. Soos die eerste afdeling verwoord, is hierdie “verse teen vrese”, wat op besonder treffende wyse die realiteit van ons dag poëties beskryf en bedink. “Selfs al oorval donker elegieë my / sal my verse vrese van my afskerm,” skryf Vos. Die leser sien die broosheid van ons tyd in gedigte oor *Corona* en selfs die ontploffing in Libanon. “Ons word deur *Corona* hokgeslaan, stikkend en stukkend.”

“Hy het roekeloos geleef en is met korrupsie gekroon, / sy meetsnoere het in liederlike plekke geval.” Kenmerkend van Vos wil-wil bekende Bybelse frases tergend deurskyn, net om onverwags anders op die oor te val. 'n Hele afdeling word gewy aan Job (voorheen gepubliseer in *Met my hand op my hart*).

Natuurlik bly die verwysings na die klassieke mitologie en letterkunde ook nie uit nie. So is hierdie leser byvoorbeeld onverhoeds betrap deur 'n vertaling van Semonides van Amorgos,

“Gode het die vrou gemaak”, wat onder andere spekuleer dat 'n vrou uit 'n steekhaarmoddersog gemaak is. In 'n land waar geweld teen vroue skrikwekkende afmetings aanneem, is dit moeilik om hierdie spesifieke gedig te lees sonder 'n paar reflekerende notas wat die geweld van die woorde dekonstrueer. Gelukkig is daar ook vertalings van gedigte deur Sappho van Lesbos.

Tussen kwatryne (“Die wingerd sal nie meer tros nie, / die olyf sal nie meer dragtig wees nie. / Ons word aangehits deur vrese, / dit sal eers tot niet gaan na dese.”), haikoes en tankas, is daar speelse liefdesgedigte, terwyl ander getuig van heimwee.

Hoewel Vos die broosheid van ons era kunstig verwoord, is dit nie 'n moedelose, hopelose broosheid nie. “As ek op 'n aand onder dwaalsterre / skrik-gode se onheilspellende geluide hoor, / sal ek angsbevange bewee voor my lewe / kortgeknip word, maar as ek magtelos opkyk, / sal U, my Bondgenoot langs my staan / en ek sal op engelvlerke na die ander lewe / reis om my lewe en lof aan U te wy.”

► *Ds Rethie van Niekerk is 'n predikant in Port Elizabeth.*

Klein venstertjies op God



Die God van die geweldige waters

Ons geliefde land het in diep waters beland. Waters van vrees, verskrikking en angs. Miljoene Suid-Afrikaners kan met die woorde van Dawid in Psalm 18:5 (“bande van die dood het my omsluit” en “strome van onheil het my verskrik”) identifiseer. Die bedreiging van die “dood” skuil in talle vorme om elke hoek en draai van ons geliefde land.

Dawid het dikwels in totale hulpeloosheid die dood (“geweldige waters”) in die oë gekyk. Met die beeld van “geweldige waters” sinspeel hy waarskynlik op die diep waters van die Rooisee waaruit God sy volk gered het. Hy het beleef dat God die natuurelemente inspan om hom te red van sy magtige vyand: Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig (vs 17). God het as ‘t ware hemel en aarde verskuif om hom te red. Daarom dat hy God aanbid en eer as sy “rots” en “skuilplek” (3), maar ook as die “Sterke” (2).

Dieselfde God haal vandag nog sy verskrikte en bevreesde kinders uit diep waters.

– Kobus Smit Photography
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit
Foto geneem by Die Punt, Mosselbaai.

Diep, ryk boek verdien wye gehoor

Dominion: The making of the Western mind deur Tom Holland
Uitgewer: Little Brown, 2019
Resensent: Andre Stemmet

In 'n tyd wanneer die kerkbanke in Europa leegloop en konflikte in die wieg van die Christendom die oorblywende Christelike gemeenskappe uit die Nabye-Ooste verdryf, bied Tom Holland ryke stof tot nadenke. Holland is 'n agnostikus wat in die Christelike tradisie grootgeword het. Ondanks sy eie oortuigings, probeer hy om objektief te skryf oor die invloed van die Christendom op die vorming en waardes van die Westerse beskawing.

Dominion is 'n diep en ryk boek, wat drie millennia omspan. Dit skop af in die Persiese Ryk van Darius en strek tot die onlangse #MeToo-beweging. Van antieke Persië en die Griekse filosofie loop die verhaal deur die Romeinse Ryk, die Middeleeue, die Kruistogte, die Hervorming en Verligting, die Franse en Amerikaanse rewolusies, die opkoms van anti-Christelike ideologieë – Kommunisme, Fascisme en Nasionaal-sosialisme – en die “All I need is love”-generasie, soos vergestalt deur die popgroep die Beatles.

Die roede word nie gespaar vir Christelike oorywerigheid nie. Die strewe sedert die Romeinse tyd om die kerk en die Christendom universeel uit te brei, het uiteraard gelei tot fanatisme, geweld en wreedheid, terwyl die Christendom op die rug van kolonialisme en verowering na Afrika en die Nuwe Wêreld ge-abba is. Deur die twee millennia sedert die kruisiging van Jesus, word die Christendom gekenmerk deur spanning tussen tradisie en vernuwing; die letter en gees van die Bybel; gesag en vryheid.

Maar waar die antieke ryke van die Perse, Grieke en Romeine gebou was op 'n stelsel van heerskappy van die sterkes oor die swakkeres, is die goue draad wat deur die geskiedenis van die Christendom loop, die vermens-

likende mag daarvan. Ongeag van baie afwykende strominge en magsvergrype deur die eeue, is die idee van die inherente waardigheid van die mens wat uit die Bybel ontspring het, die *leitmotiv* vir 'n totale en durende transformasie van die wêreld. Die Christelike geloof lê so die grondslag van die moderne liberaal-demokratiese versorgingstaat en die filosofie van menseregte. Paradoksaal onderlê die Christelike waardes van verdraagsaamheid en godsdiensvryheid die Westerse sekulêre staatsvorm wat dan juis kritiek teen en die verwerping van die Christendom toelaat.

Deurlopende temas is hoe die Christelike etos bygedra het tot die afskaffing van slawerny en die Nuwe-Testamentiese monogame huwelik die basis gelê het vir die gelykwaardigheid van vroue.

Die boek maak ook 'n draai in Suid-Afrika: Die skrywer postuleer dat die drie hooffigure, Mandela, De Klerk en Tutu, se onderlegtheid in die Christendom die basis gevorm het vir die vreedsame oorgang na demokrasie. Die Afrikaners, wat apartheid op Bybelse grondslae geregtig het, kon tot die besef kom dat rassediskriminasie onbybels en onregverdig is: “The same faith that had inspired Afrikaners to imagine themselves as a chosen people was also, in the long run, what had doomed their supremacy”.

Die boek is wyd in Christelike kringe verwelkom, maar kritiek het nie uitgebly nie. Die Nederlandse dagblad *De Volkskrant* skryf: “... een boek voor conservatieve christenen die hun simpele wêreldbeeld graag bevestig sien. Of een boek je heerlijk aan te ergeren.”

Maar 'n boek wat verdien om wyd gelees te word, en nie net deur akademici, teoloë en historici nie, maar enigiemand met 'n belangstelling in die Christendom en die moderne samelewing.

► *Andre Stemmet is Raad: Regsaangeleenthede by die Suid-Afrikaanse Ambassade in Den Haag, Nederland.*

**Die volgende Kerkbode verskyn op
23 Oktober 2020.**

'Plaaslike pelgrimstog is gulde geleentheid vir binnewerk'

Kerkbode gesels met die skrywer en reisjornalis Erns Grundling:

1. Aanhangers van jou skryfwerk en televisiereekse sal bly wees om te hoor dat jy en jou kameraspans bedrywig was tydens grendeltyd en dat jou nuwe projek veral vir Wes-Kapenaars hoogs haalbaar is. Gee asseblief vir ons die Wie? Wat? Waar? – en heel belangrik die Hoekom? – van die Pelgrimstog van Hoop.

Die Pelgrimstog van Hoop is 'n pelgrimsroete soortgelyk aan die Camino in Spanje (maar nie 'n na-afery nie) wat op verskeie punte begin in die Wes-Kaap en eindig by die mees suidelike punt en vuurtoring by Kaap Agulhas. Die roete is uitgelê deur die teoloog Frederick Marais van Communitas (gesetel by die Kweekskool op Stellenbosch) nadat hy en 'n paar kollegas die eerste keer in Oktober 2014 gestap het van Robert-

son tot by Kaap Agulhas. Die roete begin deesdae óf op Robertson óf op Stellenbosch (binnekort ook van Wellington en Kaappunt) en strek deur die Kaapse Wynlande en Overberg, langs die oudste kerke in Suid-Afrika en deur gemeenskappe soos Pniel, Genadendal, Baardskeedersbos en Elim. Van die bekende dorpe langs die roete sluit in Franschoek, Villiersdorp, Hermanus en Gansbaai. As jy van Stellenbosch af stap is die afstand sowat 320 km en die meeste pelgrims lê dit binne 16 dae af (soms 'n dag of drie langer as jy korter afstande stap). Sedertdien het sowat 200 pelgrims met rooi hoede al die pelgrimsroete gestap en ons vermoed daar gaan nou groter belangstelling wees as die TV-reeks begin uitsaai. Die belangrike Hoekom? Die Pelgrimstog van Hoop is 'n geleentheid vir Suid-Afrikaners (en hopelik ook buitelanders) om in die woorde van Huston Smith "attentive

travel" te ervaar en al stappende weer hoop te vind vir hulleself, ons land en ons vasteland en om Suid-Afrika se natuurskoon en erfenis opnuut te waardeer. Hierdie pelgrimsroete is ook 'n geleentheid vir diverse mense en gemeenskappe om nader aan mekaar te beweeg en ná te dink oor vryheid, ons gedeelde geskiedenis en hoe ons vorentoe die pad saam gaan stap.

2. Ek weet jy is opgewonde oor hierdie spesifieke roete – jy is elders aangehaal waar jy dit as "lewenshoogtepunt" beskryf ... Wat presies dink jy het die skeppers raakgevat met dié konsep en hoe slaag die dinge op praktiese en logistieke sy?

Ek dink die pelgrimsroete is uitstekend uitgelê. As stapper het ek 'n baie goeie balans ervaar wat die terrein, uitdagings en belonings langs die pad betref. (Soms moet jy 'n bietjie swoeg en sweet

om 'n mooi uitsig te verdien ...) Die natuurskoon is ook besonder divers. Die wingerde, berge, graanlande, fynbos en strande staan glad nie terug vir die Camino in Spanje nie. Trouens, ek vind dit selfs mooier hier. Maar wat veral vir my uitstaan is die mense: die gasheer of gasvrou wat jou inwag in 'n dorpie of op 'n plaas en die stories, geskiedenis en menswees wat 'n mens teëkom onderweg na Kaap Agulhas. Om by Piet en Marie van As se lang kombuistafel by Springfield Estate te sit en te luister na Piet se kontreistories uit die Strandveld is 'n groot plesier en voorreg. Die roete word steeds ontwikkel en daar is uitdagings soos roetemerkers wat nog moet opgerig word en meer akkommodasie-opsies om van die lang stapdae korter te maak, maar dit is wonderlik dat die Pelgrimstog van Hoop reeds 'n werkende en al hoe meer geoliede infrastruktuur het.

Erns Grundling op die Pelgrimstog van Hoop.



3. Kerkbode het in 2016 oor dié plaaslike roete geskryf dit gaan ook oor 'n innerlike reis. Jy het nou met vele dominees en mystics en interessante mense te doen gekry langs die pad en des te meer ter wille van die verfilming van die hele staptog vir jou kykNET-reeks, hoe sou jy die geestelike sy van die ervaring beskryf?

Ek dink die geestelike of spirituele sy is onlosmaaklik deel van 'n pelgrimstog, en so ook op die Pelgrimstog van Hoop. Dit is natuurlik 'n persoonlike en selfs sintuiglike ervaring wat vir elke pelgrim anders is, maar ek dink die bestaande geestelike agtergrond van die roete en die feit dat dit oor 'n lang afstand en wisselende terrein strek skep 'n konteks vir wat die Jungiaanse analis Robert A Johnson "inner work" noem. Dit bly vir my die wonder van stap: hoe jy deur iets so eenvoudig soos stap 'n meditatiewe ruimte kan binnegaan en werklik in die oomblik leef.

4. So, Elders: Die Pelgrimstog van Hoop begin op 30 September om 20:00 op kykNET te draai: Wat was die moeilikste deel daarvan om 'n reisdokkie te midde van 'n pandemie te maak?

Ons het groot uitdagings gehad tydens preproduksie. Eerstens het ons bitter min tyd gehad daarvoor: minder as twee weke. Dit was ook tydens die Vlak 4-inperking in Meimaand en baie gastehuise en gasteplase langs die pad was maar net té bly vir 'n bietjie besigheid maar ook bekommerd oor al die reëls en regulasies. Die grootste kopseer: Indien enige van ons spanlede (ons was vyf) Covid-19 sou opdoen of simptome toon binne die skiettydperk van 26 dae sou ons die produksie in sy geheel moes staak en self-isoleer. Dit sou waarskynlik ons hele projek gekelder het, so ons het streng protokol gevolg en die ondersteuningsvoertuig was vol maskers en handsaniteerders ensovoorts.

5. Gee vir ons agtergrond oor die reeks: Altesaam hoeveel onderhoude is gedoen en was daar tegniese uitdagings of Plan B's wat in spel moes kom, wat kykers nie sal sien op die afgeronde produk op TV nie?

Oor dertien episodes kyk 'n mens na vyf en sestig onderhoude of gesprekke – en

ten minste 'n vyfde daarvan met dominees of geestelike leiers. Aangesien niemand anders tydens die inperking die Pelgrimstog van Hoop gestap het nie, het ek 'n paar mense genooi om gaste op die reeks te wees, wat natuurlik *Kerkbode* se redakteur insluit ... Lesers kan uitsien na Episode 10 vir ons stapdag van Franskraal tot Baardskeerdersbos!

6. In 2015 het jy die Camino Francés gaan stap en gaan hurk vir 'n foto by Finisterre, by die laaste roetemerker op daardie eeue-oue pad. Die Pelgrimstog van Hoop het natuurlik self 'n skouspelagtige eindpunt: Kan jy ons meer vertel oor hoe die roete eindig maar ook hoe dit vir jou geëindig het ná soveel dae se verfilming en inspanning langs die roete?

Dit was 'n blink idee van Frederick om die roete by Kaap Agulhas se mees suidelike punt en veral by die vuurtoring te eindig. Ek hou daarvan dat net soos jy by Finisterre in Galicië, Spanje, 'n vuurtoring bereik jy dieselfde hier doen. 'n Vuurtoring is tog ook 'n simbool van hoop, en iets wat "lig werp" om veiligheid te verseker op stormagtige waters. Dit laat my dink aan Carl Jung wat in sy outobiografie *Memories, dreams, reflections* skryf: "As far as we can discern, the sole purpose of human existence is to kindle a light in the darkness of mere being." Die laaste stapdag op die Pelgrimstog van Hoop is besonders. Jy stap hoofsaaklik kuslangs, van Brandfontein tot by Suiderstrand, later verby die wrak van die Japannese skip Meisho Maru No. 38 en uiteindelik sien jy die boonste punt van die vuurtoring in die verte. Dit was vir my 'n kosbare oomblik toe ek op 26 Junie vanjaar die vuurtoring vir die eerste keer op die pelgrimsroete gesien het. Ons was toe al vir langer as drie weke aan die skiet. Ek was diep dankbaar dat alles ten goede meegewerk het. Daar was ook 'n spesiale oomblik – of eerder, verwelkoming – by die vuurtoring wat kykers in die laaste episode sal sien. En om alles te kroon het 'n dubbelreënboog – nóg 'n simbool van hoop – ook met my aankoms naby die vuurtoring in die see gelê. Die "synchronicity" van dit als, om weer by Jung te gaan draai, was in daardie oomblik vir my beeldskoon en bonatuurlik.



Elders: Pelgrimstog van Hoop begin op Woensdag 30 September om 20:00 op kykNET. Hier staan die aanbieder en hoofstapper Erns Grundling in ligter luim langs een van die programgaste Lynelle Kenned.



Erns Grundling en dr Frederick Marais (regs) op die pelgrimsroete buite Stellenbosch. Die roete is Marais se geesteskind en hy is een van 'n aantal leraars en ander bekendes wat as "staggaste" 'n verskyning in die nuwe televisiereeks oor die Pelgrimstog van Hoop maak.



Erns Grundling en Dana Snyman (regs) buite Villiersdorp.

Hierdie pelgrimsroete is ook 'n geleentheid vir diverse mense en gemeenskappe om nader aan mekaar te beweeg en ná te dink oor vryheid, ons gedeelde geskiedenis en hoe ons vorentoe die pad saam gaan stap.

VERSTAAN die Bybel

Om vir die dood te lag

MARIUS NEL

Daar is 'n verskil onder uitleggers oor hoe om die verhaal van Eutigus in Handeling 20:7-12 te verstaan. Is die vertelling van hoe 'n jongman homself tydens Paulus se preek in Troas doodgeval het, nadat hy aan die slaap geraak het, veronderstel om humoristies te wees? Of is dit eerder 'n dooernstige waarskuwing teen afvalligheid?

Om die vraag te beantwoord het Alexander Thompson in 'n onlangse artikel die insident beskou vanuit die perspektief van hoe Lukas se lesers dit sou verstaan het. Humor is naamlik altyd konteksgebonden. Nie alle grappe is vir alle mense snaaks nie. Die vraag is daar-

om hoe antieke humor gelyk het.

Eerstens wys Thompson daarop dat woordspelings baie algemeen was. So het Paulus oor die wegloopslaaf Onesimus, wie se naam "voordelig" beteken, geskryf dat hy wel voorheen vir Filemon "geen voordeel" ingehou het nie, maar nou vir hom "groot voordeel" inhou (Filemon 11).

Eutigus, wie se baie algemene naam "gelukkig" beteken, was weer "ongelukkig" om homself dood te val, maar "gelukkig" dat Paulus hom kon opwek. Die rede vir sy sluimer is volgens Lukas ook nie sy skuld nie maar Paulus s'n wat te lank gepraat het (vers 9). Die vermoë van langdradige toesprake om

gehore aan die slaap te sus was 'n algemene grap in Griekse komedies. So ook die tragedie van jongmense, soos die jongste lid van Odusseus se bemanning, wat hulleself doodval in Griekse tragedies.

Saam fokus die ironiese naam van Eutigus, die gedeelde ervaring van insluimer tydens toesprake, en die tragedie van jongmense wat hulleself doodval ons aandag op die onverwagte nadraai van die insident: Eutigus word opgewek uit die dood. Sy naam is dus nie ironies nie maar eerder gepas.

Lukas se humoristiese verhaal gee ons 'n unieke insig in die ervaringswêreld van die eerste Christene. Ge-

deelde humor skep naamlik 'n besondere intimiteit tussen mense. As ons Lukas se humor in die staaltjie van Eutigus snap, sy lag vir die dood danksy die evangelie van die opstanding, deel ons oor die eeue 'n gemeenskaplike geloofservaring.

Dan word ons saam met Paulus se gehoor, soos Lukas sy vertelling in vers 12 afsluit met die litotes (die beklemtoning van iets deur die ontkenning van sy teenoorgestelde) "nie min bemoedig nie" (vertaal as "uitermate bemoedig") oor Eutigus wat na sy huis teruggeneem kon word.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

Tyd dat die kerke weer saam praat

JOHAN VAN DER MERWE

In die geskiedenis van die NG Kerk staan twee belangrike kerkbyeenkomste as bakens uit. Die eerste is die Cottesloeberaad wat in Desember 1960 plaasgevind het. Na afloop van die beraad het die kerke van Suid-Afrika 'n duidelike stem teen apartheid laat hoor. Alhoewel die NG Kerk haar van die amptelike verklaring van die beraad gedistansieer het, is die saad gesaai wat die kerk sou help om in 1986 'n nuwe koers in te slaan deur weg te draai van die ondersteuning van die regering se apartheidbeleid.

Dertig jaar later het meer as 80 kerke in 1990 in Rustenburg byeengekom om saam te praat oor versoening en die

kerk se rol op pad na die eerste demokratiese verkiesing in 1994.

Vir die NG Kerk was die Rustenburgberaad ook die plek waar die belangrike belydenis van prof Willie Jonker die standpunt van die NG Kerk oor apartheid onomwonde gestel het. Dr Frits Gaum, een van die afgevaardigdes na die beraad onthou die belydenis soos volg: "Aan die einde van prof Jonker se toespraak het hy gesê: 'Ek verklaar voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese enstrukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek om dit ook na-

mens die NG Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode (Oktober 1990) tot sonde verklaar en sy eie skuld en nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen ge-waarsku en homself daarvan gedistansieer het nie.'"

In reaksie op die belydenis, het aartsbiskop Desmond Tutu spontaan opgestaan en na die podium gegaan en gesê dat hy die belydenis aanvaar en nie aan die opregtheid daarvan twyfel nie. Die volgende dag het prof Pieter Potgieter, leier van die NG Kerk se afvaardiging in 'n verklaring bevestig dat die NG Kerk

die belydenis van prof Jonker heelhartig ondersteun.

Die gesprek wat daarop tussen die verteenwoordigers van die verskillende kerke gevolg het, het uitgeloopt op 'n verklaring wat rigtinggewend was op weg na 1994.

Dit is dertig jaar later. Suid-Afrika beleef weer 'n kairos-oomblik. Die ongekende korrupsie, plaasmoorde, geweld teen vroue en kinders en 'n hernude vlag van rassisme eis dat die kerke van Suid-Afrika weer 'n slag moet saam praat.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

Ek kyk onlangs na 'n dokumentêre program oor die Britse komponis Sir John Kenneth Tavener wat in 2013 oorlede is. Die kans is goed dat jy al van sy musiek gehoor het. Met prinses Diana se begrafnis het die koor een van sy werke, Song for Athene, gesing terwyl haar kis uit die Westminster-aby gedra is. Die kommentator in die dokumentêr het dit raak beskryf: "It was a breathtaking moment."

Tavener is 'n eietydse komponis in die klassieke tradisie wat geestelike musiek geskryf het. Sy werk is diep gewortel in die Christelike tradisie en tekste. Dit is onmiskenbaar, antieke, ortodokse kerkmusiek. Tegelykertyd is dit egter ook modern. In sommige werke hoor 'n mens duidelik hoe dit beweeg

Die heilige in die lewe

van 'n klassieke ortodokse aanslag na modern.

Wat sê dit oor ons lewe as gestuurdes, as mense wat in Jesus se voetspore loop?

Soos Tavener se musiek, is ons lewe gewortel in die Christelike tradisie. Ons is diep en onlosmaaklik daaraan gebind. Maar ons is net so onlosmaaklik gebind aan die hede. Ons lewe bemiddel tussen die oue en die kontemporêre. Ons lewensstyl dra die kenmerke van waar ons vandaan kom, maar ons is ook moderne mense wat vierkantig in die hede leef.

Op die oor af klink Tavener se musiek eenvoudig, maar musiekkenners sal vir jou sê hoe kompleks dit in werklikheid is. En koorlede sê dat hy hulle strek tot aan die uiterste vermoëns van

die menslike stem.

As mense na ons lewe kyk, behoort dit wat ons doen, maklik te lyk, natuurlik en moeiteloos. Maar dit kan net so wees as ons, soos koorlede, dag vir dag oefen. Om Jesus te volg vra ons beste pogings, dit strek ons tot by die beste wat ons kan wees. Maar as jy dit oefen en oefen, word dit jou tweede natuur.

Tavener se musiek is 'n uitdrukking van die geloof dat God steeds, in ons gesekulariseerde wêreld, teenwoordig is. Net die feit dat iemand in hierdie tyd sy lewe daaraan wy om musiek te skryf wat aan God toegewy is, is 'n belydenis dat die Heilige met ons is.

Gestuurde mense se lewe word by uitstek daardeur gekenmerk dat ons God in die werklikheid sien. 'n Lewe

wat aan God toegewy is, vind die heilige in die werklikheid om ons, en dikwels dra dit die heilige in die wêreld in. Wanneer jy na Tavener luister, wonder jy nie of dit gewyde musiek is nie. Jy merk dadelik op dat dit aan God opgedra is. Op dieselfde manier moet mense kan sien aan Wie ons lewe opgedra is.

Tavener het gesê hy skryf sy musiek altyd eerstens vir God en daarna, onvermydelik ook vir die mense wat dit gaan uitvoer en daarna gaan luister. Miskien is dit die heel belangrikste van 'n lewe as gestuurde mens – jy lewe eerstens vir God, maar onvermydelik ook vir mense.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

Woede: Riglyne vir predikers en gelowiges

Die pastorale teoloog Andrew Lester sê woede is iets wat in jou kop en jou hele lyf gebeur, skryf Cas Wepener.

Wanneer jy voel hoe jou hartklop versnel, daardie aar teen jou slaap bult en jou hande begin bewe, beleef jy woede. Jou hele lyf en wese reageer dus op iets wat jy as 'n bedreiging beleef en die mees tipiese reaksies is om óf te wil veg óf te vlug. Aggressie neem dit – woede as emosie en dus as deel van die mens as skepping van God – 'n stap verder en gaan oor in negatiewe destruktiewe dade. Woede is deel van hoe die mens aan mekaar gesit is en help ons deur die millennia al om in moeilike omstandighede te oorleef.

Ons sien op die oomblik aggressie én woede in Suid-Afrika: Aggressie is sleg, woede weer kan as blinde woede destruktief wees, maar het baie potensiaal. 'n Woedende God en Jesus is nie onbekend aan die Bybel nie. Die woede waarvan ons hier praat, is nie iemand se dikmond stilstuipie 'ek wil my sin kry'-woede nie. Ons praat hier van woede as manifestasie van omgee en liefde wat geregtigheid ten doel het – dit is bepaald iets anders.

Oor Jesus as vleeswording van God se woede skryf die digter Sheila Cussons in haar gedig 'Advent': "het 'n verskriklike Toorn/ uit sy eie hart gebars/ in 'n roos van vlees." In hierdie woorde is 'n belangrike insig en leidraad ingebed – daar is iets soos heilige woede. Dit is woede wat in God gebeur en woede wat in mense gebeur wat 'n uitdrukking van liefde is. Met ander woorde, dit is woede wat tot uiting kom as 'n reaksie op onreg. In en agter God se sogenaamde 'toorn' in die Bybel sit liefde. In en agter die woede van baie van ons landgenote sit 'n diepe omgee oor wat hulle beleef as onreg.

Aan die een kant is Suid-Afrikaneers ietwat sat van al die woede. In die struggle-jare was baie mense woedend en het ons dit gesien uitmond in optogte en protesaksies. Tydens die oorgangsjare was nog meer mense woedend, maar ons het vasgebyt, want die onregte van die verlede – kolonialisme, apartheid, ongelykheid – sal binne enkele jare verdwyn en dan sal die reënboog, die Bybelse simbool van God se liefde vir mense, helder oor die Suide van ons kontinent hang. Helaas lyk dit teen September 2020 of meer mense as ooit tevore kwaad is. Ek is egter nie oortuig dat al die woede – oor BLM, oor Clicks, oor (plaas)moorde – dui op die afwesigheid van die reënboog nie. Intendeel. Dikwels is die woede juis

die reënboog, maar dan moet ek reg kyk om dit raak te sien. Eugene Peterson help my daarmee wanneer hy sê woede is 'n barometer.

Vat die woede, ondersoek dit en vra wat sit daaragter. Ons gaan bykans altyd uitvind: "There is evil, or incompetence, or stupidity lurking about," skryf Peterson. Inderdaad, daardie woede is soos die paartjie wat in die huweliksberader se kantoor baklei. Die berader weet die feit dat hulle kwaad is, beteken hulle gee nog om. Erger as woede vir mekaar is apatie, dan kan die berader meestal maar los, want dan is dit te laat. Ja, toegegee, ons het landgenote wat by apatie draai. Gelukkig is hulle in die minderheid.

Die lastigheid nou is dat gelowiges te midde van al die woede moet leef en die arme dominees (bid vir hulle!) in en oor die woede moet preek en eredienste lei. Ek dink 'n paar opmerkings oor prediking in en oor woede, kan waardevol vir almal van ons wees.

Eerstens benodig ons woedende luister voor en terwyl ons preek. Op die oomblik wil almal net hulle woede uitdruk, sonder om hulle eie woede se 'pause'-knoppie ooit te druk; te gaan staan en na iemand anders wat kwaad is te luister. Veral ook en juis ook te luister na iemand wat vir my kwaad is! Ek kan nie preek as ek nie eers probeer luister het na mense wat kwaad is en hoekom hulle kwaad is en so die woedesiklus tydelik te breek nie.

Die tweede riglyn pas by die eerste en dit is om te gaan staan in die skoene van diegene wat kwaad is en dié wat seerkry wanneer jy die teks waaroor jy moet preek lees. So help ek die gemeente om te sien wat ek dan sien. Dit is raad wat ons kry in *To kill a mockingbird* van Harper Lee, te wete om eers in iemand se vel rond te loop voordat ek praat, in ons geval, voordat ek preek.

Derdens moet die waarheid hard en duidelik gepraat word, maar in die modus van die liefde. Wanneer die gemeente beleef dat die prediker hard praat omdat

sy omgee, luister hulle beter.

Laastens is dit in prediking altyd beter om van 'ons' eerder as 'julle' te praat. Dit is Brueggemann wat gesê het ek moet as prediker saam met die gemeente teenoor die teks wat my uitdaag staan en nie saam met die teks teenoor die gemeente nie. Dit geld nie alleen vir die prediking nie, ons is almal saam in die land.

Wanneer dit die vertrekpunt is, naamlik dat ek eers luister, en daarna die waarheid in liefde praat terwyl ek my bes probeer om in jou skoene te staan en voortdurend 'ons' sê, wel, dan kan dominees maar woedend preek. Nee, dan moet hulle soms woedend preek en voorgaan in 'n woedende liturgie, want dit is preke en eredienste wat liefde beliggaam.

Voorspel: "Ave Maria" (Karen Zoid, soos oorgeneem van Bono en Pavarotti)

Where is the justice in this world?/ The wicked make so much noise, mother/ The righteous stay oddly still ... ens.

Votum: Verwerking van Psalm 121 (deur Klippies Kritzinger)

L: We lift up our eyes to the hills, to the high places in and around Pretoria;

Where does our help come from?

G: Our help comes from the LORD, who made heaven and earth.

L: Does our help come from Meintjeskop, from the Union Buildings, centre of political power?

C: Our help comes from the LORD, who made heaven and earth.

(Vir die res, sien die artikel "Concrete spirituality", gratis aanlyn beskikbaar)

Geloofsbelydenis:

V: Glo jy in God die Vader?

G: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde wie se toorn ontvlam in die aangesig van onreg en uitbuiting.

V: Glo jy in Jesus Christus, die Seun van God?

G: Ek glo in Jesus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ons geleer het dat liefde die grootste gebod is, en wat tafels omgekeer en 'n sweep van riempies geveg het toe dit nodig was.

V: Glo jy in die Heilige Gees?

G: Ek glo in die Heilige Gees wat in en deur my werk, my hele lyf.

A: Amen.

Preek:

Herinner die hoorders aan die twee dogters van Moeder Hoop: Dogter Woede ... oor hoe dinge tans daar uitsien en Dogter Moed ... om 'n verskil te maak.

Gebed na die preek:

Verontrus ons, O Heer,/ wanneer ons selftevrede word/ wanneer ons drome waar word, omrede ons te klein gedroom het/ ens.

(vermoedelik 'n gebed van Sir Francis Drake)

Woedende luister-stilte:

Hier pas 'n klaende liturgiese stilte (ek hoor 'n woedende viool speel) terwyl die name van mense as litanie gelees word.

Nagmaal: In 'n konteks van korrupsie en geweld teen weerlose mense, van rassisme en voortslepende kolonialiteit, breek jy anders brood as in ander tye.

Gemeentesang: "Wat 'n vriend het ons in Jesus".

As versoeking en beproewing/ en korrupsie jou omring/ word dan kwaad oor al die onreg/ so laat jou woede opwaarts styg./ Nêrens is 'n Vriend getrouer/ as Hy wat jou woede deel/ Hy weet dat jy regtig omgee/ so laat jou woede opwaarts styg.

Seën:

Mag die Here jou seën met woede oor onreg, onderdrukking en die uitbuiting van mense sodat jy kan werk vir geregtigheid, vryheid en vrede (Franciskus van Assisi).

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.



Grafika: Carl Lamprecht, Thought Sculpture

NG GEMEENTE LYDENBURG**VAKATURE: LERAAR (Onbepaalde termynpos)**

Ons leraar emeriteer op 28 Februarie 2021 en ons stel nou reeds die pos bekend vir aansoeke.

- Gemeente:** 1. Die gemeente is 'n aktiewe plattelandse eenmangemeente (pastorale gemeente) geleë op die Mpumalanga Platorand.
2. Van karakter is die gemeente sterk behoudend en stel 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking.
- Leraar:** 1. Die leraar moet bereid wees om pligte volgens Art 9 van die kerkorde in al sy fasette na te kom.
- Versorging:** 1. Versorging van die leraar geskied volgens die kerkorde en verwante bepalings.
2. 'n Pastorie is beskikbaar.
- Aanstelling:** 1 Maart 2021 of so spoedig moontlik daarna.
- Aansoeke:** 1. Aansoeke sluit op **20 Oktober 2020**.
2. Aansoeke tesame met CV's, waarby die name en kontaknommers van drie referente ingesluit is, moet gerig word aan:
Die Saakgelastigde
Posbus 56
Lydenburg
1120
Tel: 013 235 3101
E-pos: nglydenburg@lantic.net
3. Kandidate moet, indien versoek, beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud.
4. 'n Aanstelling sal nie noodwendig uit die aansoeke gemaak word nie.
5. Skakel die saakgelastigde of Hennie Nel – 082 333 8799 of hennie@fvln.za.net – gerus vir meer inligting of navrae.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida
Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

NOORD-KAAPLAND
EMERITAAT

Ds MF Scholly van Delpoortshoop emeriteer op 17 September 2020. Ds C de Witt van die Ring van Griekwastad het sy Akte van Emeritaat op 13 September tydens die erediens aan hom oorhandig. (Hannelie Ollewagen, Skriba, 15.09.2020).

RINGSITTING

Graag gee ons kennis van die

37ste gewone ringsvergadering van die Ring van Hanover wat op die plaas Hondeblaf in die distrik Petrusville plaasgevind het op Maandag 5 Oktober. (Henry Williams, waarnemende ringskriba, 28.09.2020).

KWAZULU-NATAL

Ds Hennie van Schalkwyk het geëmeriteer en op 27 September 2020 sy laaste erediens by die Nuwe NG Kerk Vryheid (ou Moeder en Wes) gelewer. (Nico Els, Saakgelastigde, 28.09.2020).

GOUDLAND**EMERITAAT**

Ds PJ Stofberg van Paardekraal-Monument emeriteer op 31 Desember 2020. (Anton Mieny, 12.09.2020).

NOORDELIKE**BEVESTIGING**

Dr CJ Truter het die beroep as brugleraar vir ses maande na NG gem Elandsrand, Brits aanvaar en sal vanaf Januarie 2021 by die gemeente aansluit. (Elsie de Waal, Saakgelastigde, 28.09.2020).

Radio Kaapse Kansel 729AM

Skakel in op Radio Kaapse Kansel 729AM. Dis AM, nie FM nie, so maak seker jy druk die AM/MW knoppie op jou radio en kies dan 729.



Laai die *Radio Cape Pulpit App* gratis op jou slimfoon.



info@kaapsekansel.co.za   

NG GEMEENTE KLERKSDORP-SUID**Vakature: Voltydse leraar in vastetermynpos**

Die kerkraad van Klerksdorp-Suid-gemeente maak in biddende afhanklikheid van die Here die vakature van voltydse leraar in 'n vastetermynpos van een (1) jaar bekend. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde leraars, proponente en emiriti van die NG Kerk wat geroepe voel om in hierdie gemeente te kom dien.

Klerksdorp-Suid-gemeente is 'n marginale gemeente wat deel uitmaak van die Goudland Sinode, en is geleë in die suide van Klerksdorp met 194 besoekpunte, 308 belydende en 33 dooplidmate. Die lidmate se gemiddelde ouderdom is 60+ wat in die stad woonagtig is. Die gemeente het sterk interpersoonlike verhoudinge gebou dmv geestelike groei, samewerking met projekte en saam ontspan.

Leraars, proponente en emiriti wat aansoek doen moet

- 'n Lewende, persoonlike verhouding met die drie-enige God hê.
- Skrifgetroue en inspirerende prediker met 'n gemaklike preekstyl wat kinders tydens die erediens betrek.
- Met alle ouderdomsgroepe goeie interpersoonlike verhoudinge kan bou en handhaaf.
- Goed in 'n span kan werk.
- 'n Hart vir aktiewe bediening hê, met die doel om 'n verskil in mense se lewe te maak.
- Gemaklik wees met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate op alle lewens-terreine en lewensstadia.
- In staat wees om deur volwasse leierskap, gemeentelidmate te versterk en die gemeente daardeur verder geestelik te laat groei.

Die leraar sal verantwoordelik wees vir die nakoming van alle amppligte, soos omskryf in Artikel 9 van die kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander predikante binne die bedieningsraamwerk van die KOSH-streek van Sinode Goudland. As gevolg van die unieke omstandighede van hierdie gemeente, word 'n totale koste van indiensneming pakket van R180 000 per jaar aangebied. 'n Ruim pastorie met voorafbetaalde elektrisiteit deur die leraar is beskikbaar.

Voornemende aansoekers uit die NG Kerk word genooi om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente, sowel as 'n getuigskrif van die voorsitter van die kerkraad van die laaste twee gemeentes waar gedien, elektronies te stuur vir aandag:

Die Voorsitter van die Dagbestuur: klerksdorpsuid@absamail.co.za

Sluitingsdatum: 27 November 2020.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik, met inagneming van die suksesvolle aansoeker se persoonlike omstandighede.

Rig navrae aan:

- Marinda van Rensburg (Saakgelastigde) 018 462 3683 (08:00-13:00) (Ma- Wo en Vr)

Die kerkraad hou die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak nie uit die aansoeke wat ontvang is.

NED GEREF KERK TADCASTER

Die kerkraad van NG Kerk Tadcaster wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS**Gemeenteprofiel:**

Tadcaster is 'n klein boerderygemeenskap in die Vaalharts-kema, geleë 100 km noord van Kimberley, tussen Hartswater en Jan Kempdorp. Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit besproeiingsboere en hulle afhanklikes. Tot op hede het die gemeente nog nooit gesukkel om hulle leraar volgens sinodale voorskrif te vergoed nie. Die gemeente beskou dit as sy roeping om "Kanale van God se genade" teenoor alle mense te wees, soos wat die kanale van die skema, besproeiingswater na die plase bring. Die gemeente bestaan tans uit 151 belydende en 34 dooplidmate. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 48 jaar.

Leraarsprofiel:

In aansluiting by amppligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

Die leraar moet:

- Entoesiasies wees oor Gereformeerde Skrifgetroue prediking.
- 'n Gelegitimeerde van die NG Kerk wees.
- Daarvan hou om op die platteland te werk, met mense van verskillende ouderdomme.
- Leiding kan neem en met die kerkraad en gemeente as span kan saamwerk.
- Entoesiasies wees oor die doen van huisbesoek en pastorale besoeke.
- Leiers kan oplei en motiveer om kleingroepe (wyke) te lei.
- 'n Positiewe lewensuitkyk hê.
- Rekenaar-tegnologie en ander digitale media in sy bediening kan gebruik.
- In die ouderdomsgroep tussen 35 en 45 val.

Vergoedingspakket:

- Volgens sinodale riglyne.
- Huisvesting in die vorm van 'n ruim pastorie op die kerkterrein. ('n Goeie privaatkool grens aan die kerkterrein.)

Aansoeke:

- 'n Vraelys, aangevra by die skriba, ngtadcaster@gmail.com, moet voltooi word, en saam met 'n CV teruggestuur word.
- 'n Kortlys van aansoekers sal genooi word vir persoonlike onderhoude in die week van 9-13 November 2020.
- **Sluitingsdatum: 30 Oktober om 12:00. Diensaanvaarding:** Februarie 2021.

Navrae:

- Ds Johan Oosthuizen, sel 082 785 9344.
- Skriba: Mev Louise Oosthuizen, sel 082 798 5781.

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

AKKOMMODASIE

BLOEMFONTEIN
@HOME

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250.
Skakel Hanlie, 084 400 2693.
hanlidevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-
AKKOMMODASIE

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoning aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 p/n. E-pos: jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuse, woonstelle en kothuse te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

MARGATE/MANABA STRAND: Ithaca woonstelle – stapafstand van Lucien- en Margate-strande. Oopplan woonstel – slaap 4 (2 volw & 2 kinders). Swembad, speelarea, braai- en ontspanningsgeriewe. Stapafstand van Manaba-Spar. Inligting en foto's: Ester 073 268 0336.

REEBOK/TERGNIET
(MOSSELBAAI)

2 slaapkamerwoning (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

ST LUCIA: Bly twee dae in ruil vir R750 p/d en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorg meenthuis met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer geen troeteldiere. Aanbod geld tot 1 November 2020. 035 590 1098, wetlands@africa.com

UVONGO: Selfsorgwoning. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

WILDERNIS: ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selfsorgwoning met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beatty 083 231 0315, 044 877 0471. beattyv@absamail.co.za

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR VIR DIE
NG GEMEENTE PETRUS STEYN

GEMEENTEPROFIEL: Die NG gemeente Petrus Steyn is 'n plattelandse gemeente, geleë in die Noord-Oos Vrystaat, ongeveer 200 km vanaf Johannesburg via die R59 en 280 km vanaf Bloemfontein. Die gemeente is in 1914 gestig en bestaan reeds deur die genade van die Here die afgelope 106 jaar. Die gemeente bestaan uit ongeveer 220 belydende en 40 dooplidmate, wat verdeel is in vyf plaaswyke en agt dorpswyke. Daar is 'n aftree-oord in die gemeente asook 'n laerskool en uitstekende hoërskole met koshuse in Heilbron (44 km), Reitz (35 km) en Bethlehem (90 km).

LERAARPROFIEL EN AMPSPLIGTE: Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik.

- Die aansoeker moet in 'n innige verhouding met die Here leef en oortuig wees van die roeping van die Here om as leraar diensbaar te wees in die gemeente.
- Van die aansoeker word Skrifgetroue Woordverkondiging en standpunte verwag, veral tov die maagdelike geboorte, opstanding, hemelvaart en weerkoms van Jesus Christus en dat Hy die enigste Verlosser van die wêreld is, wat entoesiasies aangebied word en geestelike groei bevorder. Ook dat Hy wonderwerke gedoen het en dat die duiwel bestaan.
- Iemand wat geheg is aan die gereformeerde leer en belydenisskrifte van die kerk.
- Iemand vir wie veral huisbesoeke en ander pastorale besoeke belangrik is.
- Die aansoeker moet 'n aanvoeling hê vir die plattelandse bediening in die Vrystaat en meelewend wees in die wyer gemeenskap.
- Iemand wat begrip het vir die uitdagings wat die landbou hedendaags beleef en die invloed daarvan op lidmate en die totale gemeenskap.
- Moet ook kennis neem dat Petrus Steyn gemeente 'n dolerende gemeente is met al die implikasies daarvan.

VERGOEDING:

Pakket onderhandelbaar, wat 'n ruim pastorie, wat beskikbaar is vir inwoning, insluit.

AANSOEK:

Aansoek moet vergesel wees van 'n volledige CV wat nie langer as drie bladsye is nie.

- Posadres: Posbus 117, Petrus Steyn 9640
- E-pos: ngpetrussteyn@gmail.com
- Tel/faks: 058 871 3260

Aansoekers moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.

SLUITINGSDATUM: 15 Oktober 2020.

NAVRAE:

Kontrakleer: Stephen Heyns – 083 231 7556
Leierouderling: Mike Botha – 072 427 7364
Skriba: Danette van der Westhuizen – 079 894 5072

Die kerkraad behou hom die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

Om te adverteer in **Kerkbode**, kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914.
E-pos: woes@mweb.co.za

NG GEMEENTE WAKKERSTROOM

VAKATURE: LERAAR

Wakkerstroom is 'n plattelandse dorpie in Mpumalanga, sowat 320 km vanaf Pretoria. Dit is 'n landbou streek met hoofsaaklik veeboerderye. Die dorpie se behoud is grootliks te danke aan toeriste wat getrek word deur die vleilande en voëllewe, en mense wat hier kom aftree in die pragtige, veilige dorpie. Hier is 'n aftree-oord en dokter in Wakkerstroom. Die gemeente is gestig in 1861 en het 'n ryk geskiedenis.

Gemeenteprofiel: Die gemeente se lidmaattal bly stabiel in die omgewing van 250 waarvan 40 dooplidmate is, en die grootste deel is seniorburgers. Die sandsteengebou is in 1891 gebou. Ons het 'n sterk barmhartighedsgrondslag en sien onself as 'n omgeefamilie in Christus. Die naaste skole, winkels en hospitaal is in Volksrust, sowat 30 km vanaf Wakkerstroom.

Leraarsprofiel:

- 'n Gelegitimeerde in die NG Kerk.
- Duidelike roeping om hier diensbaar te wees.
- Op platteland te kan aanpas.
- Goeie interpersoonlike verhoudings met die boeregemeenskap.
- Gemaklik te wees met huisbesoek en persoonlike bediening met veral bejaardes.

Vergoeding:

- Onderhandelbaar.
- Pastorie beskikbaar.

Aansoek:

Sluit asseblief CV in met minstens drie verwysings en kontaknommers
Aansoek per e-pos aan: admin@wakkerstroomngk.org.za
Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n moontlike onderhoud en preekbeurt.
Sluitingsdatum: 13 November 2020 en diensaanvaarding onderhandelbaar.

Navrae: François du Plessis (hoofouderling) 083 660 5734
Johan Uys (finansiële voorsitter) 082 725 4862
Corneels Greyling (voorsitter van die kerkraad) 082 773 2310

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

NG GEMEENTE UPINGTON-WES

Leraarspos: Twee jaar vastetermyn

Gemeenteprofiel:

Upington-Wes is 'n plattelandse gemeente in Noord-Kaap met 387 belydende en 67 dooplidmate. 'n Informele en vernuwende styl met 'n sterk fokus op lofprysing en aanbidding in eredienste. Gemeentelede bestaan uit boere en besigheidsmense in die dorpie. Kinderbediening is belangrik.

Leraarsprofiel:

- Passievol, met 'n lewende verhouding met God.
- Oortuig van die roeping deur die Heilige Gees.
- 'n Vernuwende aanbiddingsbenadering.
- Passie vir bejaarde bediening.
- Fokus op jeug.
- Bereid om huisbesoek te doen.
- Fokus op verhoudingsbou.
- Sterk interpersoonlike verhouding.
- Samewerking met alle bediening is belangrik.
- Voertaal – Afrikaans.

Vergoeding en voordele:

- Hierdie is 'n vastetermynbepaalde pos vir twee jaar.
- Indien dit tot voordeel van die gemeente en leraar strek en binne die vermoë van die gemeente is, kan die termyn verleng word.
- Pakket is R20 000,00 per maand, alles ingesluit. Uiteensetting van die pakket kan tydens die onderhoud bespreek word.

Aansoek:

- Stuur CV vergesel van dekbrief met motivering waarom jy jouself as leraar van die gemeente sien. Dui kontakbesonderhede van drie referente aan.
- Stuur aansoek per e-pos aan: nguptwes@xsinet.co.za
- Sluitingsdatum vir aansoek: 31 Oktober 2020.
- Suksesvolle kandidate moet bereid wees vir 'n virtuele onderhoud.
- Diensaanvaarding 1 Januarie 2021 of so spoedig daarna.

Navrae:

Skriba: Lenethe Human – 082 923 0935.
Kantoorure 08:00-12:00 Maandag tot Donderdag.
Voorsitter Kerkraad: Bennie Booysen – 082 378 4416.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Hoop in 'n land vol geweld en woede

Saterdagoggend ry ons van die Weskus af Kaap toe. Dit was 'n lang week. Ons wil rus.

Op pad piep Erna se selfoon. Dit is 'n WhatsApp van haar vriendin op 'n plaas in die Oos-Kaap af: Hulle buurman is gisternag vermoor. Nog 'n plaasmoord.

Hierdie land laat 'n mens nie met rus nie. Ons wil vol vrolike naweekgedagtes wees en na mooi, ou Tafelberg kyk, en Leeukop, en die inksblou see na Robbeneiland se kant toe. Maar opeens sien jy alles raak wat jy dink verkeerd is in die land: Die mense wat in lae skuilings van karton en plastiek onder die brug naby die stasie woon. Die Golf GTI wat laag en skril verby gejaag kom, met donker ruite waaragter jy niemand kan sien nie.

In Adderleystraat, Kaapstad se hoofstraat, begin dit al hoe meer soos in Lagos en Dar es Salaam klink en lyk: Rumoerige rapmusiek. Toeters. Mense stap sonder om te kyk in bondels oor die straat, reg voor die bakkie in. Afrika, dink jy. Afrika.

Op die sypaadjie voor die parlement lê skimme onder vodde komberse en swartsakke en slaap. Voor die parlement. Ons parlement.

Die land begin vir 'n mens al hoe meer onverstaanbaar raak.

Ons gesels oor die korrupsie en Julius Malema en die EFF se woede, en Steve Hofmeyr se woede, en al die geweld in die land terwyl ons deur Muizenberg en Kalkbaai en Vishoek ry. Ons weet nie wat gaan van ons word nie.

Ons gesels nie meer nie toe ons naby die hawe in Simonstad stilhou. Op die pleintjie waar handelaars hulle Afrika-beeldjies en tafeldoeke en T-hemde en ander ware verkoop, is min mense. Hier sou dit nou gewemel het van die toeriste as die koronavirus nie gemaak het dat ons landgrense tydelik gesluit moes word nie. 'n Kwaaierrige suidooster waai, maar die son skyn. Ek sit my hoed op.

Stil stap ons in die rigting van die kaai, verby 'n kêrel wat voëls en diere verkoop wat hy van draad buig en vorm: volstruise, renosters, kameelperde.

Op die kaai maak 'n trio musiek: 'n man op 'n trom, en nog 'n man en 'n vrou op instrumente wat soos 'n xilofoon lyk. Afrika-klanke.

Dan gebeur dit: Die suidooster gryp die hoedjie van my kop af, waai dit oor die kaai se reling en smyt dit in die water neer. Eers lag ons, dan hou ons op met lag.

Ek is erg oor daardie oranje hoed van my. Claritha en Jermaine, twee vroue van Darling, maak dit met groot sorg van shwe-shwe-materiaal. Ons verkoop die hoede as deel van ons Swarthondprojek om mense bewus te maak van depressie as 'n behandelbare siekte, en om vir mense soos Claritha en Jermaine werk te gee.

Nou dryf my hoed onderstebo doer onder tussen die bootjies en seiljagte. Op nie een van die bote is iemand nie, en om die hoed met die hand van die kaai af by te kom, is onmoontlik. En hy raak al meer vol water.

My hoed begin sink terwyl Erna draf na die veiligheidswag by die punt van

die kaai. Hulle gesels met arms wat beduie. Die veiligheidswag gaan praat met die man wat die diere van draad maak. Hulle kom nader, maar die diereman het nie 'n lang genoeg stuk draad om my hoed by te kom nie.

Mense sien ons oor die reling hang. Party kom staan by ons. Ons kyk hoe my hoed onder die water verdwyn. 'n Vrou skud haar kop, en fluister: "Agge, shame." Die water is helder hier. Jy kan sien hoe sak my hoed stadig ondertoe.

Dan hou die trio op met speel. Die een xilofoonspeler kom nader op onseker voete. Hy ruik na bier. "Don't worry," sê hy en leun gevaarlik ver oor die reling. "I'll get it for you." Hy begin sy klere uittrek.

Ek keer hom. Dit kan tragies raak as hy hier van bo af inspring. Dit is hoog en die water moet vriesend koud wees. Sê nou hy kry 'n hartaanval of iets?

Intussen het 'n seuntjie wat eenkant van die kaai af staan en visvang het, nader gekom. Hy probeer my hoed aan sy hoek kry. 'n Man, wat saam met sy vrou alles staan en bekyk het, probeer die seuntjie help.

Die man se naam is Jurie. Die seuntjie is Amir. Een na die ander begin ek

hulle name uitvind: Die xilofoonspeler is Yapi en hy is van die Ivoorkus af. Die veiligheidswag is Lazarus, 'n Xhosa uit die Oos-Kaap. Lucky, die diereman, is van Zimbabwe af.

Die middag is besig om in 'n hoopvolle psalm te verander.

Lazarus, die veiligheidswag, gaan gesels met 'n man wat in die parkeerterrein langs die kaai by 'n ou Tazz staan. In die Tazz sit 'n vrou in 'n Moslem-gewaad.

Die volgende oomblik trek die man by die Tazz sy hemp uit. Hy stap stadig die water in en sit 'n duikbril op. Sy naam is Mohammed. Ek wil hom gaan keer, maar Lazarus keer my. "He will get it for you," sê hy. "He's a commercial diver."

Dit word al moeiliker om my hoed van die kaai af te sien. Dit sak al dieper ondertoe, jy sien 'n oranje blerts tussen die seebamboes, en dan sien jy weer niks nie.

Mohammed swem deur die koue water terwyl almal bo van die kaai af beduie en raad gee. "No, no, more to your left. Yes ... No, more to your right now ..."

Dit is asof ek nie heeltemal wil glo wat ek sien nie. Ek gaan staan eenkant, en neem 'n foto met my selfoon van 'n klompie van hulle. Jurie, 'n boerseun, en 'n bruin seuntjie, 'n effe aangeklamde xilofoonspeler van die Ivoorkus, 'n Zimbabwër, 'n Xhosa uit die Oos-Kaap, en 'n hele paar ander wat vir Mohammed, 'n Moslem, aanmoedig om my ouerige oranje hoed uit die see te haal.

'n Byna heilige oomblik in 'n land waar nog 'n plaasboer gister vermoor is, nog iemand in 'n voorstad of 'n township vermoor is. 'n Land vol geweld en woede.

Ek wil vir Mohammed geld gee toe hy uiteindelik my hoedjie papnat na my toe uithou, maar hy wil die geld nie vat nie.

Yapi en Lazarus en die ander kom kyk na my hoed, asof dit meer as 'n hoed is.

"This was interesting," sê Lucky van eenkant af. "Very, very interesting."

Die land. My land.



Toe die wind die skrywer se hoedjie afwaai, het 'n omstander ingespring om te help.

Foto: Verskaf

Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid. Presies soos ons eie.

www.krugerinternasional.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasional.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE

